

JUNIE
1958

TYDSKRIF VIR

LETTERKUNDE

IN HIERDIE UITGAWE

- GEDIGTE: Uys Krige, S. J. du Toit, A. J. J. Visser, B. J. Toerien, A. Alberts, A. Fouché, Soul, P. Bekker, A. Hollenbach, A. Snyman, I. van Vuuren.


VERHALE: P. D. Swart, A. Snyman.

- ARTIKELS: C. W. Hudson, Soul.

- BRIEWE

- BOEKBESPREKINGS

JAARGANG 8 NOMMER 2




Sat van gewone vakansie?

Slaan dan dié keer 'n nuwe koers in en ontdek mooi Suid-Afrika. Die Spoorwegpadvervoerdiens reël toere van al die hoofsentrums af na die mooiste dele in ons land. Maak nie saak waar u woon, watter ryding u verkies, wanneer of waarheen u wil gaan nie, daar's 'n toer wat by u vakansietyd en beursie sal inpas. Besoek u naaste Spoorwegreisburo. Hulle sal u volledig inlig oor die talle toere, sorg dat al u reisreëlings in die haak en u hotelverblyf agtermekaar is. U plaaslike stasiemeester is ook 'n Reisburoverteenwoordiger.

S A S

TREINDIENS · PADVERVOERDIENS · REISBURO

VZ002708M



Digitized by the Internet Archive
in 2017 with funding from
University of Pretoria, Library Services

TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE

Kwartaalblad van die
AFRIKAANSE SKRYWERSKRING



Redakteur: ABEL COETZEE



Letterkundige Adviseurs:

D. F. MALHERBE
H. A. FAGAN
P. C. SCHOONEES
W. A. DE KLERK
M. S. B. KRITZINGER
B. KOK

Administrasie:

Mej. S. VICTOR
Posbus 57 - Northcliff

Intekengeld: 20/- posvry



JAARGANG 8

NOMMER 2

JUNIE — 1958

Inhoud

	<i>Bladsy</i>
GEDIGTE: Uys Krige	5
HANNA: P. D. Swart	9
GEDIGTE: S. J. du Toit	18
A. J. J. Visser	20
Barend J. Toerien	22
A. Alberts	25
Abraham Fouché	27
Soul	29
T. S. ELIOT: C. W. Hudson	33
GEDIGTE: Pirow Bekker	39
Anna Hollenbach	40
Adriaan Snyman	41
Ignatius van Vuuren	42
TERUGKOMS: Adriaan Snyman	44
DIE NUWE VORM EN PROSA: Soul	52
BY DIE JONGERES: Van die Redaksie	59
„TOT LOF DER SOTHEID”: Briefwisseling	62
BOEKBESPREKINGS	64
SKRYWERSAANGELEENTHEDE	77

OU VRIENDE WAT TERUG IS

RAKA

— N. P. van Wyk Louw
10/9 (posgeld 4d.)

NEGESTER OOR NINEVE

— D. J. Opperman
11/3 (posgeld 4d.)

PASSIEBLOMME

— Totius
6/3 (posgeld 3d.)

SOOS WATER OP DIE GROND

— Karl Kielblock 13/3 (posgeld 6d.)

IN KLEIN MAAT

— Audrey Blignault
13/3 (posgeld 4d.)

NUWE STORIES VAN RIVIERPLAAS

— Alba Bouwer 13/3 (posgeld 4d.)

GEEN GROTER LIEFDE

— André R. Hugo
10/6 (posgeld 4d.)

TEEN DIE HELLING

— Boerneef 10/3 (posgeld 3d.)

F.A.K. VOLKSANGBUNDEL

26/3 (posgeld 1/-)

NASIONALE BOEKHANDEL BPK.

POSBUS 119 — PAROW
GROOTE KERK-GEBOU — KAAPSTAD
POSBUS 95 — PORT ELIZABETH

Hulde . . .

*Jy't gister Piet, my uitgekoggel
vir Geelbek, Kypie, basterjong;
en ek, ek lag my toe 'n boggel
want jy soos ek's 'n Kaapse klong.*

*„Hotnot!” het jy my toegesis
of ek geen mens is, maar 'n luis.
En ek wis wie of wat jy is:
loop haal haar uit haar wit kombuis
vir aia Griet!*

*Ou aia Griet sou jou wil groet.
Ou aia Griet's trots op haar bloed!
Jy weet dit en ek weet dit, boet,
ou aia Griet's jou oumagoed,
ou aia Griet.*

*Ja, aia Griet sou jou wil groet
al is jou hare ook hoe kroes,
al is jy ook so swart soos roet:
haar liefde's oud, sal nimmer roes,
ou aia Griet*

*vir wie ek jou vergewe, Piet,
voor wie ek buig, aan wie ek bied
met agting en 'n stil verdriet,
om haar te huldig, dié klein lied,*

ou aia Griet, ou aia Griet.

Ai, ai, ou aia Griet . . .

Venstertjie . . .

O Venstertjie,
my Venstertjie,
jy siet my nie,
jy siet my nie.
Ek stap verby,
ek is jou neef,
maar jy bly aan
die venster kleef
of jy hier hoog
en droog verdrink,
al dieper in
ou Pleinstraat sink
en dáár alleen
jou redding wink.
Wat is jou vrees?
Wat is jou nood?
Dat ek dalk teen
jou aan mag stoot
om jou met 'n
bruin hand te groet?
„Dit is mos Piet!
Hoe gaan dit, boet?“
Maar ek stap aan
so stil, so soet:
jy's mos die pronkstuk
van ons stam, ons bloed,
ons troos in dae
swart soos roet,
ons goue sonlig
sonder wolk,
die lig wat speel
oor ons swart kolk,
van al ons deugde
die één tolk,
ons bydrae tot
die Herrenvolk!

O Venstertjie,
my Venstertjie,
daar's niks in daardie
venster nie
so waardevol
as jy vir ons,
wat ooit soos jy
ons hart laat bons.

Het ons nie almal
saamgewerk
om jou in jou
doelwit te sterk
dat jy mag spring
oor die wit perk?
Jou Ma't geraap,
jou Pa't geskraap
— en jy was sommer
uitgeslaap.

Nou's jy die Koning
van die Kaap!
Want jy's mos wit,
so wit, meen jy, „soos sneeu,”
kan saambrul met
Groot Schuur se leeu,
op Clifton lê en kyk
hoe sweef die meeu,
die trots, die sieraad
van ons eeu!

Jy klim, jy klim,
jy's op die wa.
Geen diener kom
jou nou te na,
sal jou weer in
'n pickup ja.
Jy loop 'n halfmaan
om jou Pa.
Al lank besoek
jy nie jou Ma.
Jy kuier in
die Labia!
As iemand jou
toevallig vra
vanwaar jy kom
— o tra-la-la! —
sê jy lag-lag:
„Pretoria . . .”

Ja-nee, van al
die vensterkyk
het jy twee oë
wat „nie wyk”.
Hul's skerp, mes-skerp,
vir elke kansie.
Jy wil by Kelvin aansluit
vir 'n dansie,
nog huiskoop dalk
in ou Konstansie.

Jy't jou 'n ander
naam gegee.
Jy's nie meer Plaatjes,
maar Viljee.
Jou voornaam Piet
is nou Coetzee.
Plaatjies is dood,
lank leef Viljee!
Ja-nee, Coetzee
Alwyn Viljee . . .
Hoesee! Hoesee!
Hoesee! Hoesee!

Maar, Venstertjie,
my Venstertjie,
ek sou niks vir
jou mik wil bie,
ek sou nie in
jou vel wil vlie
vir al die goud
in Joeburg nie.
Want ek kyk diep
tot in jou murg.
Daar sien ek hoe
'n sieltjie wurg
met hierdie skrik,
met hierdie vrees:
Ek's wit nog bruin,
nog vis nog vlees,
dra Aap manel
hy bly nog Kees,
my hare's glad,
my siel is kroes,
o bitter, bitter,
bitter oes!
Met hierdie angs,
met hierdie nood:
Piet Plaatjes leef,
Viljee is dood!

Ek mag so bruin wees soos
'n karmenaadjie.
Maar jy, jy is en bly
'n halwe naatjie
al staan jy daar,
in jou wit vel,
windmakerig,
'n tof, 'n swell!

Dag, nefie, dag.
Ek siet jou wel . . .

Hanna

Hanna Visser was eenvoudig. Daar is meer as een betekenis vir die woordjie eenvoudig. Meeste van hierdie betekenis is het vir Hanna Visser gegeld. Sy was eenvoudig in haar leefwyse, absoluut eenvoudig in haar kleredrag en seer sekerlik eenvoudig in die sin dat sy nie oor te veel intelligensie beskik het nie.

Op sestienjarige leeftyd het sy met James Visser getrou en hulle het hulle intrek geneem in 'n kleihuisie in die hoek van 'n welaf boer se plaas. James het klein werkies met die minimum van entoesiasme gedoen; 'n rapsie smidswerk totdat die blaasbalk vergoed buite aksie geraak het; 'n bietjie skrynwerk met onvoldoende gereedskap. Verder het hy hand bygesit op die plaas wanneer die eienaar hom laat roep het.

Van haar vroegste jare af was Hanna hartstogtelik lief vir klein diertjies en babas. Vir ure kon sy met klein katjies of hondjies speel, vir ure met babas. Nooit die minste ongeduld, die geringste hardhandigheid nie. 'n Wonderlike moeder sou sy eendag wees, het almal gemeen. Toe sy dan ook ouer word het die bewuste verlange na 'n kind van haar eie sterk in haar posgevat en begin groei. Uiteindelik het die intensiteit daarvan gedreig om haar hele bestaan te oorheers.

Dit was dan ook vir haar 'n hewige skok, die leë maande en jare wat na haar troue verbygeskuif het, sonder die vervulling van haar groot droom.

^ Sy het ou Wolla, hulle kat beny wanneer sy met strenge reëlmatigheid haar broeisels voortgebring het. Soos van ouds het sy nog die mollige goedjies opgetel, gestreel en byna verfrommel en lus gevoel om hulle op die ligrooi bekkies te soen. Maar anders as in die verlede toe sy net warm en gelukkig gevoel het, was dit nou rou en seer... diep... diep.

Smart, pyn of blydschap word nie elke dag ewe intens ervaar nie. So het Hanna op sommige dae ook te midde van haar werkies slegs vaag en half ver weg gevoel dat iets skort. Maar op ander het dit gebrand, gedraai, gekrap binne in haar, sodat sy die veld kon invlug. Die klein, eensame huisie het dan vir haar hopeloos te nou geword en dit het vir haar gevoel of sy selfs met moeite asemhaal.

So 'n dag moes die ou blou bokooi van Outa Mpatoen

kies om 'n klompie tree van die kleihuisie af te kom lam. Toe Hanna dan ook met 'n groot knop in haar keel, oor die drumpel stryk en blindelings tussen die gate van 'n ou meerkatdorp deur strompel, hoor sy 'n gesteun agter 'n lappie bosse aan haar linkerkant.

Eers sien sy die poot met die lang hinderlike kloutjie en toe sy versigtig om die bos stap, die ou blou ooi self. 'n Bruin lammetjie met wit kolle lê 'n entjie agter haar. Byna smartlik steun sy terwyl sy die ander enetjie die wêreld indwing. Roerloos slaan die jong vrou die toneel voor haar gade, roerloos staan sy tot die pikswart bondeltjie op die sand lê en die moeder dit skoon lek. Dan loop sy langsaam na die ander lammetjie en streel hom oor sy ruggie. Hy is nog baie nat, maar dit hinder haar geensins. Sy steek haar vingerpunt in die oulike kroontjie op sy kop, trek liggies aan die belletjies onder sy keel. Eienaardig genoeg lê die outjie doodstil. Die moeder blêr heserig en rek bekommerd haar nek na Hanna se kant toe. Hanna kyk na haar; die sagte bruin oë, die blou, harige, angstige moeder.

MOEDER! Dit is asof die gedagte aan die woord haar so skok dat sy doodstil sit. Twee lammetjies binne 'n kort tydjie. En sy . . . Sy druk opeens haar gesig vas teen die bruin bokkie, sluk swaar en twee groot druppels rol langs sy lyfie af.

Toe James later tuiskom, wys sy die diertjie vir hom.

„Hm,” sê hy: „'n swarte. Ou Mpatoena sal bly wees. Hulle wil mos alewig 'n swart bok se vel vir hulle toordery hê.”

Op die Sondag het die predikant 'n diens in die plaas-skooltjie kom hou. James en Hanna was ook daar. Sy het aandagtig geluister, regop, 'n eenvoudige vrou, eenvoudig gekleed, maar met iets aantrekliks in haar bou, gesig en houding.

Die dominee het gelees uit I Samuel 1. Hy het gelees hoe Peninna vir Hanna gespot het omdat sy geen kinders gehad het nie, hoe vuriglik Hanna gebid het en hoe haar gebed verhoor is. Vandag, so het die dominee gesê, bid baie van ons nie meer nie. Ander bid, maar weet skaars wat hulle bid, hulle glo tog nie dat die Here hulle kan gee waarvoor hulle vra nie. Ons moet bid, net opreg bid en God sal vir ons die dinge gee waarvoor ons vra.

Na die diens stap James en Hanna met die voetpaadjie huis toe. Hy loop voor en sy agterna. Sy dink oor Hanna. Ja, dieselfde naam as sy. Tog snaaks. En ook vireers geen kinders nie. Sy voel skielik bitter verontwaardig dat

Peninna met Hanna kon spot! Ook maar goed dat James nie in ons tyd twee vrouens kan hê nie. Miskien sou die ander een ook 'n streep kleingoed gehad het en met HAAR gespot het. Net haar naam sou nie Peninna gewees het nie, want dis nie 'n naam wat jy nou meer hoor nie. Miskien Liesbet? Ja gewis, want dis vir haar die lelikste van alle name!

So dwaal haar gedagtes, terwyl hulle in die versengende hitte aanstryk. Toe, so plotseling dat sy eers vassteek en haar dan moet haas om haar man in te haal, kom die inspirasie. Hanna het gebid... in die tempel gebid... en God het geluister... Net more...!

Vroeg die volgende more is James weg. Voor sonder sou hy nie terug wees nie, want hy moes die plaaseienaar die hele dag help met die brand, merk en dip van beeste. Hy is skaars by die deur uit of sy begin haar te was en aan te trek. Toe sy haar skoene aantrek merk sy dat een se sool begin lostrek. Sy kam haar hare en sit haar enigste hoed op. Die dorp is omtrent sewe myl ver, maar sy wil nie met die pad langs loop nie. Niemand moet van haar weet nie, sy sou sommer deur die veld stap.

Sy stap opgewek en vinnig weg. Daar is dou op die gras en haar skoene en voete is spoedig papnat. Tortelduiwe koer en 'n haas wat byna onder haar voete uitspring trek sy ore plat langs sy kop en laat vat na 'n streep ruie gras toe.

Alhoewel dit nog vroeg is, begin dit spoedig warm te word, en uiteindelik loop sy veel stadiger. 'n Paar maal versper doringdraadheining haar weg en met die deurkruip skeur sy haar beste rok op die rug. Die laaste heining is so styf gespan en die drade so naby mekaar dat sy eers geen deurkomkans sien nie. Toe merk sy 'n plek waar die water 'n vlakkerige sloot gespoel het en skuif op haar knieë onder die onderste draad deur. Sy vryf die klein gruisklippies van haar knieë af en stap dan maar weer verder.

Kort buitekant die dorp haak die swak skoensool agter 'n klip vas en skeur heeltemal los. Dit flap-flap nou as hy loop en toe sy die dorp bereik, probeer sy so ongeërg as moontlik haar voet half-half sleep op die stowwerige sypaadjies.

Die kerk se deur is oop en versigtig loer sy binne rond. Daar is niemand nie. Voetjie vir voetjie stap sy binne, bang om die geringste geluid te maak. Geruisloos gaan dit oor die strook rooi tapyt en onwillekeurig streel haar vingers die gladde hout van die banke aan weerskante. Sy voel

ineens hoe strelend koel dit binne in die kerk is. Voor haar is die preekstoel en sy sukkel om die ongewone letters op die lap te herken. „God is Liefde” lees sy uiteindelik. Skielik kraak iets. Soos ’n dief wat vrees om betrap te word, steek sy vas en hou haar asem op. Maar niemand kom nie. Haar blik dwaal na die mooi gekleurde vensters en die hoë dak. Dan vou sy haar vingers inmekaar en sak op haar knieë. Sy sluit haar oë en skielik weet sy nie hoe om te begin nie. „Here . . . ’n kind . . . ’n kind soos Hanna asseblief,” stotter sy uiteindelik.

Sy voel asof sy nie genoeg gesê het nie, asof sy nie so kort met God moet praat nie. Sy bid dan maar die „Onse Vader” en merk skielik hoe haar lippe roer terwyl sy fluisterend bid. So het Hanna se lippe ook geroer toe Eli haar bestraf het.

Sy staan op en trek haar rok reg. ’n Swaeltjie kom plotseling by die oop deur ingevlieg en haar oog volg hom in sy vlug. Eers maak hy ’n paar sierlike sirkels en verdwyn dan deur ’n oop venster. So ’n swaeltjie wat in ’n huis vlieg bring geluk, dit weet sy. En hier het hy nou in die kerk kom vlieg, die plek waar sy gebed het! Sy voel opeens baie lughartig en bly.

Buitekant die kerk in die straat loop sy by ’n swanger vrou verby. Vir ’n rukkie staar sy die ander vrou aan. Sou dit dalk ook ’n voorteken wees?

Die terugtog is moeilik. Die lastige skoensool bemoelik haar loop. Toe sy in ’n kol swart turf kom, trek sy dit dankbaar uit. ’n Wit haak-en-steek-doring verdwyn skielik halfpad in haar voet. Dit brand soos vuur toe sy dit uittrek en ’n druppel bloed hang aan haar voetsool. ’n Likkewaan veroorsaak dat sy haar yskoud skrik toe dit lawaaierig tussen die bossies uitstorm en die naaste boom inklouter. Grillerige ding, dink sy. Jy behoort doodgemaak te word, want jy is net hier in die veld om die koeie uit te suip.

Vuurwarm, moeg, stowwerig en met ’n seer voet bereik sy die huisie. Maar sy is erg opgewonde en gelukkig. Die aand werk dit eintlik aansteeklik op James, wat met sy bloedrooigebrande en misstofbedekte gesig teen sonder langsaam sy groot stewels die werfie ingedra het. Hy begin ook gesels en enkele staaltjies oor die dag se werk vertel. Hanna skater dit uit toe sy hoor hoe ’n wilde rooi Afrikanerkalfie Outa Mpatoena se bene onder hom uitgehardloop het, sodat hy op die naat van sy rug in die nat mis geval het. Die ou is te oud om te help, maar hy is gedurig by om raad te gee en veral die ander volk sleg te sê.

Met blye afwagting het sy nou die dae tegemoet gegaan, maar weer eens . . . geen teken nie. So het het dit aangehou, maand na maand totdat omtrent tien maande verstryk het. Hanna was nou moedeloos en swartgallig. 'n Gedurige hoofpyn het haar gehinder. Twemaal het die predikant by die skool kom kerk hou. Sy het 'n verskoning gevind om die eerste keer nie te gaan nie. Soos 'n kind het sy op die kerk en gebed vertrou en na haar verwagtings so verpletter is, voel sy nie die minste begeerte om die diens by te woon nie. By die tweede geleentheid het sy kortaf aan James gesê: „My dêm kop is seer, ek gaan nie,” en die deur uitgestap. James het net sy kop geskud en soos gewoonlik niks gesê nie.

Soms wanneer sy 'n paar sjielings gehad het, het sy ou aia Martha laat roep om haar behulpsaam te wees met die wasgoed. Die ou skepsel was tog te glad met haar mond. „Ek praat die Boeretaal soos 'n Boer, nie soos 'n kaffer nie,” het sy altyd gesê.

Hanna het nooit haar kinderloosheid bespreek nie, nie eers met James nie. Dit was somer maar altyd so binne opgekrop, soms galbitter, soms seer, soms leeg-naar. Maar toe ou Martha, gevolg deur een van haar kleinkinders, die Maandagoggend opdaag, het Hanna gevoel of sy 'n vertroueling moet hê, of sy minstens iets aan iemand moet sê. Telkens wil sy begin, sluk en maak selfs haar mond oop, maar dit is eers toe ou Martha begin stryk dat sy uiteindelik die woorde kan uitkry.

„Aia,” sê sy, „hoe maak mens as jy lank getroud is en jy het nog nie kinders nie, en jy wil graag hê?”

As ou Martha verbaas is, dan verraai haar swart gesig nie haar gevoelens nie. Sy hou aan met stryk, byna asof sy nie gehoor het nie. Dan gaan sit sy eers weer die yster langs die vuur neer en terwyl sy die snuifblikkie uithaal, sê sy: „Nee, maar die witmense bid mos as hulle iets wil hê, Nonnie. 'n Mens moet seker maar bid. Die sendeling het vir ons gesê: ‚Vra en vir jou sal gegee word, klop en vir jou sal oopgemaak word.’”

„Nee, ou Aia, ek het al baie gebid. In al hierdie jare . . . baie maal.” So bring sy nou die bespreking op haar eie persoon. „In die kerk ook. Ek het dorp toe gestap en alleen in die kerk gebid,” hervat sy; opeens vertrouelik: „Maar het dit gehelp? Niks!” Sy voel ineens bitter oor die onregverdigheid daarvan.

Ou Martha se kleinkind hardloop buite agter 'n sprinkaan rond. Die boepensie, kaal boudjies en selfs die vet kuitjies dril as sy beweeg. Sy dra 'n skort van helderkleurige krale.

„Sê my liewers hoe maak julle. Dit wil ek liewers weet.”

„By ons, Nonnie, is daar allerhande maniere. Party drink medisyne wat die toordokter aanmaak, sterk medisyne.”

„Sou dit nou help hierdie toorgoed van julle?”

„Ek weet nie, party sê so. Maar dis sterk. Ons oumense het altyd 'n storie vertel van 'n kaffertjie wat sulke medisyne vir sy ma moes gaan haal en toe drink hy dit self. Hy kry toe die kleintjie.” Ou Martha vind die storie baie vermaaklik.

„Ok, dit is 'n storie! Maar hoor hier, het witmense, ek meen wit vrouens al ooit hierdie medisyne gedrink?”

Die ou skepsel kyk Hanna vir 'n oomblik aan. Dan skud sy haar kop afkeurend. „Nee Nonnie, hierdie goed is vir swartmense. Nonnie moenie dalk daarvan drink nie. Aikôna. Ons is nie eners nie.”

Hanna besluit om niks verder oor hierdie „medisyne” te sê nie. „Is daar nie ook ander goed nie, ander maniere nie?” vra sy nuuskierig.

„Lank terug, Nonnie, toe ek nog in die stat gebly het, het ek gehoor so 'n paar vrouens wat nie kinders kry nie, kom bymekaar. Dan het hulle houtpoppe, sommer maar sulke lelike goed. Hulle hou hulle vas en dan sing hulle en vra vir kinders. Hulle sing lank, want 'n vrou wat nie kinders het nie, sê hulle, beteken niks nie.”

Ou Martha stryk maar voort, salig onbewus van hoe diep haar laaste woorde gewond het. Nou voel sy eers regtig spraaksaam.

„En hierdie klein aalwyntjies, Nonnie weet hierdie heel kleintjies met die wit kolletjies op?” en sy beduie met haar beenderige hand. „As 'n vrou nie kan kinders kry nie, grou sy een van hulle uit — maar hy moet mooi heel wees — en sy sit hom in die stroois. As hy blom sommer soos hy so oop lê, dan sal sy 'n kleintjie kry, as hy sommer so droog word dan kry sy niks.”

Hanna luister aandagtig. „Watter aalwyntjies is dit nou presies?” vra sy fronsend.

„Nee, dis die heel kleintjies. Hulle groei sommer so in 'n hoop bymekaar. Hier anderkant die spruitjie op die rantjie is van hulle. By die ou groot swart klip wat soos 'n stoel lyk, daar is baie.”

Na nog 'n paar vrae loop Hanna om 'n paar stukkies hout te gaan soek en na die kos om te sien.

Daardie nag slaap sy nie rustig nie. James het vir haar 'n houtpop gemaak en sy wieg dit heen en weer. Sy sing ook, maar dis nie vir haar duidelik wat sy sing nie. Skielik verander die pop in 'n baba, 'n mooi vettetjie. Die kind dra

egter 'n stertriempie soos 'n kaffertjie en die volgende oomblik word hy swart. Met 'n gil laat sy die kind val — en sit regop in die bed — papnat van die sweet. Reëlmatig snork James hier langs haar en sy strek haar maar weer uit op die bed.

Dan droom sy weer van aalwyne wat blom en die blomme word kinders. Hulle skreeu en lag en hardloop na haar toe, maar oral op hulle liggame het hulle aalwyndorinkies.

Die volgende more voel sy haar onweerstandbaar getrek na die plek waar die aalwyntjies groei. Sy vind hulle ook gou en kniel langs die witgespikkelde plantjies neer. Een is groter as sy maats en wys al 'n parmantige knoppie. Dit is dan nou net die regte tyd om een van die kleineres uit te haal en te sien of dit sal blom... Die regte tyd vir een van ou Martha se mense wat wil weet... Maar tog, dit sal mos nie skade doen as sy een vat nie... nee wat, net vir 'n aardigheid of miskien... wie weet? Ou Martha meen tog dit het vir Rebekka van haar gehelp. Die aalwyn se blom het net gekom, toe weet Rebekka daar was 'n baba aan die kom. Sy sal maar ene neem, al bring dit dan net geluk. Impulsief wikkel sy haar vingers onder die plantjie in. Die grond is los en sanderig en sy kry dit maklik uit. Dan neem sy dit huis toe en sit dit langs die waterremmer op die plankrakkie neer.

Die aalwyn het wel geblom, maar lank voor dit gebeur het, het Hanna ontdek dat sy 'n baba verwag...

Maar toe die aalwynknoppie begin verskyn het hulle saam gegroei, die knoppie en die nog ongeboore Samuel. Want Samuel sou dit wees; 'n seun, daaraan het Hanna nooit getwyfel nie. Haar gebed is tog verhoor, haar Samuel van wie sy nou so bewus was, sou kom. Haar verbeelding het ongewone toertjies uitgehaal. Sy kon soms lank sit of staan en droom. Hanna in die Bybel het Samuel aan God belowe en hy het in die tempel gaan bly. So sou haar Samuel ook vir God werk. 'n Predikant moes hy word. 'n Predikant wat daar op die preekstoel staan met die spierwit gestyfde wit teen die pikswart van sy pak.

Die aalwyntjie het sy nie verwyder nie. Dit was nou wel sommer 'n verspote ou kaffergelofie, maar sy wou tog darem graag sien of die ding tog sou blom.

James was nou baie minder by die huis. Hanna het hom by die deur uitgewerk om te gaan verdien want hulle sou die geld nodig hê. Hy het selfs 'n paar keer dorp toe gegaan om vir Dominee klein werkies te doen. 'n Paar tambotie-stoeltjies en tafeltjies is ook die wêreld ingestuur. Meeste

van hulle het hulle weg na die hoof van die tweemanskooltjie gevind, want hy was 'n man met 'n goeie hart.

Soms het Hanna skaam gevoel omdat sy kleingelowig was, soms innig dankbaar en soms trots en diep gelukkig, want soos ander vroue sou sy nou ook 'n baba die wêreld inbring. Rebekka van ou Martha het ook weer verwag en Hanna het gewonder of hulle babas nie naasteby gelyk gebore sou word nie. Miskien is hare nog eerste . . .

Toe sy op sewe maande was, het sy skielik siek geword en dadelik is met haar na die hospitaal gehaas. Daar het sy haar baba verloor. Toe Hanna die nuus hoor, het dit gevoel of iets in haar agterkop bars. Met dierlike gille het sy orent gespring en geskreeu dat hulle haar kind moes bring. Van alle kante het verpleegsters op haar toegestroom, maar sy het hulle verwoed aangeval. Die uitdrukking in haar oë was dié van 'n roofdier wat aanval, waansinnig van woede. Uiteindelik het daar soveel hulp opgedaag dat hulle haar op die bed kon platdruk. Haar oë het wild in hulle kaste gedraai, die skuim het om haar lippe gelê en na sy etlike kere gegil het op 'n wyse wat sommige van haar medepasiënte die kussings op hulle koppe laat vasdruk en 'n jong verpleegster hardop laat bid het, het haar liggaam verslap en sy het haar bewussyn verloor.

* * *

Matrone De Villiers stap in die gang af toe Hanna haar tegemoet kom.

„Matrone,” sê sy half uitasem, „julle moet my bed en alles reghou. My tyd is naby.”

„Goed, ou Hannatjie,” sê die ouer vrou goedmoedig en sit haar arm om Hanna se skouers. Sy glimlag weemoedig toe Hanna wegstap. Hanna het 'n wit laken los om haar skouers en bolyf. Dit moet nou die los baadjie van die verwagte moeder voorstel.

„Ja, voorwaar 'n eenaardige geval,” sug die matrone. Die paar jaar wat die pasiënt in die inrigting is, het sy nog altyd op dieselfde wyse reageer. Sy gaan doodstil haar gang en dan op 'n sekere dag wil sy kerk toe. Die inrigting het sy eie kerkie en daar stap sy in. Dan kniel sy en bid.

Kort daarna soek sy na 'n pop. Die eerste keer was daar 'n ontsettende gedoente want daar was geen pop nie. Sy, die matrone het toe 'n lappop aangeskaf en die word op 'n plek gebêre, binne maklike bereik indien dit nodig sou wees. Die pop word dan vir ure aaneen gesus en gewieg terwyl Hanna eentonig en nukkerig voortneurie.

Die matrone onthou hoe sy by die eerste geleentheid in die tuin gestap het en gewonder het hoe lank die nuwe

pasiënt nog sou sus en sing, toe sy Hanna op die rots-
tuintjie gewaar. Sy was op haar knieë besig om een van die
mooi klein aalwyntjies uit te haal. Die matrone se trots!
Sy wou net vir Hanna hard aanspreek toe laasgenoemde
opkyk. Doodernstig sê sy: „As hy blom, kom die kind.
Vra vir ou aia. Vra Rebekka.” Toe gaan sy voort om te
grawe.

Ondervinding bring wysheid en die aalwyntjies is maar
telkens bloot aangevul. Die pasiënt het hulle nooit gebreek
nie en nooit meer as een uitgehaal nie.

Vervolgens kom die stadium dan waarop Hanna 'n laken
los om haar hang en uiteindelik gaan sy in die bed lê. Die
baba moet gebore word! Maar gereeld wanneer dit gebeur
verval sy in 'n floute en wanneer sy daar regkom het sy
alles vergeet . . . tot die volgende keer.

Matrone De Villiers glimlag droewig. Sy het Hanna lief.
Sy sal maar gou aanstap en kyk dat „alles goed afloop.”

PROBLEMEN IN HET VLAAMSE DRAMA

Het tempo waarmee de Vlaamse toneelproductie steeds meer op de
voorggrond treedt, blijkt onmiskenbaar en kan a priori niet toege-
wezen worden aan een protectionisme, zoals dit b.v. in Frankrijk
het geval is. De overrompelende productiviteit van de Vlaamse
toneelauteurs dient men eerder toe te schrijven aan een niet te
stuiten behoefte tot bestudering van de hedendaagse levensproblemen
en de veruiterlijking of de vormgeving van de persoonlijke visie op
het toneel. Het feit dat de behandelde vraagstukken en de soms diepe
levensbeschouwing die de uitwerking kenmerkt in geen geval lokaal
kunnen genoemd worden, is ongetwijfeld de grootste verdienste in de
aangroeiende productie. Vergeleken met de vooroorlogse periode
betekent dit een effectieve vooruitgang.

Staf Knop in: De Vlaamse Gids, Jrg. 42/3 (1958), bl. 189.

S. J. DU TOIT:

Dis Koud ¹⁾

Dis koud daar in die Koup as in hul spoor
lang karrespanne na die Noorde trek,
en niks die rypkou maanligwêreld wek,
net perdepote in die smal pad voor,

en jong verwagting wat tot glinstering toor
lang sonnedae wat onmeetbaar trek,
en al die wonder en die ruim bestek
van nuwe tuisland die blink toekoms oor.

Dis koud daar in die Noordland vir wie streef
met drome duisterend in sielsdieptes af;
snel word die dag tot jare weggeweef,
verbleek die kleurwarm daad en dor soos kaf.
Ek soek 'n spoor langs Tyd se sande af,
en vind skaars skraal herinnering wat leef.

Beeldhouwerk

Ek sien haar loop, 'n wonder,
Madonna van die Nag,
veerkrag die lede onder,
golwend haar liggaamsprag.
Tienduisend wilde nagte,
die oerwoud en orkaan,
het uit hul donker kragte
haar vormskoon geslaan.

Aspekte

I

MYNVELD

U het ons rede en verstand gegee,
en ons verhef bo redelose vee,
maar rede was die rede van ons val,
die myn waarop ons blinde voete tree.

¹ In die negentiende eeu het baie nedersetters in Transoranje aanvanklik daarheen gereis as karresmouze met lang stringe karre agter mekaar vas.

II

GAWE

*Drie bitter gawes van die gode was
die See, ons moeder, aan 'n ketting vas,
die donker kerker van ons lewensdag,
en ons wat langs sy duisternisse tas.*

III

MATERIE

*Gebind is die Ou Euwel aan 'n paal,
baas in die kring sover sy hand kan haal,
maar paal en ketting is Gods handewerk,
gesmee uit Heerlikheid tot syn metaal.*

IV

DEURBREEKTE KRING

*Ommuur is ons in lewenskring en -kluis,
weg van ons ewig-verre Vaderhuis;
slegs as Gods hand weereens die sleutel draai,
val lig in op 'n ranke, hoë Kruis.*

*Dan skeur die wette van atoom en dood,
dan word die stene weer tot manna brood,
dan staan verheerlik daar 'n wonderwerk,
dan word weer plotseling wat klein was groot.*

Ryloper

Uit daardie skemer skriklikheid
van skimme en verval,
sit U tussen ewigheid en ewigheid
sy wankelende voet aan wal.

Moet sonder kaart of lamp
sy rigting hier met toef en tas bereken,
en selfs na val en tone nerf-af-stamp
geen stryd met die gereg ontketen.

Hy bid by motorhawe, skool en kerk
dat niks die groot geleentheid moet verhinder
en eet en slaap en werk
dag na dag die myle minder

Na daardie ver geluk
wat skitter in dié helder dal
waar, deur die sterre-vensters eindelik
God se oog gaan stilstaan bo 'n stal.

Dan laat U hom met dié helderheid
van sien en ken, weer later
in die skemer skriklikheid
vir sy laaste troebel vaart te water.

Die Seker Ster

Al die vonke wat die toekoms vul
word in my hede uitgedoof:
Hier aas 'n Leeu, daar graaf 'n Bul
en elke seer is sonder roof.

Pan lok my deur kloof en bos
om die reinste Maagd te soen.
Ek ruk en ruk — wie kom ooit weer los
uit omhelsings van 'n Skerpioen?

Tussen Waterman en Vis en land
moet ek my spoor versigtig trap
want kyk ek trug, trek die strand
stuipe in die knyptang van 'n Krap.

Die Weegskaal het my uitgelag,
sy tande grys: geen wins, verlies.
Hoe kan hulle nou van my verwag
om tussen Tweeling, brein en hart, te kies?

Ook korrel die gespierde Skutter
waar die swanger Steenbok wei.
Tog is my asem nog nie bitter
en groei geen wrok in my,

Want met die eeue teen die lig gehou
groepeer in borrels van sjampanje
een seker ster oor my: eers Buren en Nassau,
dan Leerdam, Katzenellenboog, Oranje.

BAREND J. TOERIEN:

„Keer Weder . . . ”

Ek dink gedurig aan die groen land,
die Boland, aan Lentedae daar,
die bont geblomde velde, aan die brand
van blomme teen die kranse; wêreld waar

die vleie met varkblom oorloop, vinke-vol,
die bloekoms beef met silwer en sonbesiesang;
die wit mure, die ure wat verstil, wat stol
die helderblou liewe dag lank, lewelang.

My kop is swaar van treurgedagtes want
gedurig dink ek, hink ek Bolandwaarts,
en hamer my hart, Jou liefde het die land,
draai om, draai om, keer weer gelukwaarts.

JANNA AAN DIE SLAAP

In haar kamer met klein handjies tesame
en bene verstrengel, oorkruis, slaap Janna.
Die geel hare skeef, deurmekaar op 'n bondel
omraam haar gesiggie se wit amandel.

My liewe kind, dierbare liefeling
wat, wat sal jou die lewe bring?
Hoe kan iemand ooit, so rosig en teer
hom teen só baie dinge daarbuite verweer?

Sy glimlag effens, maak haar oë stadig oop,
voetel met haar vingers lui-weg aan haar pop
en roep dan haar maat. „Bobby! Bobby!” kan skaars wag
en sonder 'n kyk na my kant haas daar weg.

BRIEF HUIS-TOEI! GANDER-LUGHAWE, 1949

My liefste my naaste, mees naby aan my
hoe goed as ek altyd en nou by jou kan wees,
dog toeval en inval verlei my, skei my
steeds verder en verder van jou en jou son.
Onthou my en altyd onthou ook dat waar jy
soggens uitvee of knie of kniel by 'n roos,
by 'n broeishen, die leivoor of saans by jou bed
doodmoeg en soms twyfel oor die nut en waarom,
ek ken al jou dierbare gebare, is naby.

'N VERS VIR JOHN WICKENS

*John, ek moet aan jou dink hierdie
wonderlike Lentedae,
sonvol en van borrelvinke warm, en lieflik.*

*Broos en blomsag lê die landskap
soos die Boland alkant berg-toe weer-
loos uitstrek in blou sonlig van September.*

*Takke wiegend in 'n agtermiddagstilte onder
sakkaboelas se broeis gewigte op die
vlaktes van jou Laeveld sien ek met die vink-gebabbel.*

*Wanneer wolke donder-bondels maak
Kan ek jou sien in jou wêreld, tuis maar tog nie tuis nie,
van versynde wêreldstede dromend.*

*Dog ons albei, hoe verdoem tot sleurwerk!
Bog en onbelangrikhede, wat jou hou van
pragtige Parys, New York; my van sakkaboelas en weerlig
wolke.*

VAL GARDENA

*Tot dig teenaan die nat deursigtige sneeurand
kruip die geel van vele krokusse in vlamme
van 'n veldbrand.*

*Die snyskreeu van die sperwel, die digte sparrewoud,
die knars van ysval, maak die liefhebber van laagtes
met reg hier benoud.*

*Rockeloos oor die klipkranse na benede rank
die wit sneeuwaters en alom, alom die dreuning,
die vloeiende waterklank.*

*Laat ons Hom loof dus en gedenk, Hy wat laat bot
die berge; daarom herhaal die bergsmense-groet aldus,
„Grüss Gott!”*

LIEFDE IN 'N KOUE KLIMAAT

*Dis winter en die Kanadese wind
met sneeureën en yskegelreën
stroop die geel bome blaargewys,*

*stoot my suidwaarts na my land
en lok my dringend lentewaarts.
Maar ek, nou swaar en stroef, bevind*

*my voete steeks en vasgeplant,
my wortels warm onderaards
in sneeu wat toesak om my heen.*

*Maar kry ek koud, word ek verys
nou met die woud-ontbladering
in hierdie strenge wit klimaat,*

*soek ek by jou toenadering;
Vrou, wees my warm breedtegraad,
wees jy my sonnige vaderland.*

'n Stem

1

'n Helder stem roep daar uit volle bors:
My volk, my arme volk versmag van dors!
Og, help die voormars van die onheil stuit
en red my volk uit bitter smagting uit!
Kyk: elke koel fontein is toegestop
en groot riviere hou met lawing op.
Het die natuur geen medelye nie,
verbreek die wolke nooit hul swye nie?
Is elke berg te energiek en ru
om waterstrale pleks van vuur te spu,
of ry geen held soos Herklaas sonder toom
dat bekies uit sy perdespore stroom?
Ons maal al om 'n waterlose put
en elke waarheidsbron bly onbenut.

2

'n Stem roep uit die duister van die nag:
Is daar geen siel wat meer na daglig smag?
Hier is geen haan wat ongeduldig kraai,
totdat die son hom in sy strale baai.
Die dofste maan sou hier die oog verblind
waar dit vir lewenslank geen lig kon vind.
Ai! kon 'n ster se weergalose krag
tog hierheen deurdring in sy volle prag!
So word die groot heelal 'n vuile sel
wat geen gevangene in vryheid stel.
Og, red ons uit die dikke duisternis
van hierdie groot en sterk gevangenis!
Daar is geen oog wat meer die lig verdra,
geen man of vrou wat nog na waarheid vra.

3

'n Stem tot eindelose klag gedoem
roep uit die môre-ure van die dag:
Kom daar 'n groter lig om op te roem?
Die son is op, maar kyk: dit is nog nag!
Verwag die nasie nog 'n groter vuur,
'n Vlam wat sal kan deurdring deur die wand
van oue bygeloof se swarste muur
en in 'n blinde oog gesig kan plant?
Die wetenskap wat oor die aardbol vloei
en geld en lewens aan die kennis wy,
het onweeraanbaar sterk en onvermoei,
die mensdom uit 'n duister eeu gelei;
maar hierdie land bly nog 'n donker strand,
my eie volk bly arm aan verstand.

Poppespel

Twee kleine Afrikanerkindertjies —
'n filosoof van uit die verre noorde,
'n skugter skilderes uit Oos-Transvaal —
het eens onskuldiger as vlindertjies
in Van den Heever se amandelboorde
met poppe rondgespeel, en soms verdwaal.
Hul poppe moes soos mense leef en sterf
om ook die saligheid te kan beërf.
Die oudste poppe sterf en word begrawe.
Hul beenderfosfor trek toe in die bome
en jonger poppe eet maar weer die vrugte.
Toe kom die oordeelsdag met jammersugte:
halfklaar geraamtes uit die dood gelawe
kruip orals rond en soek fosfaat-atome!

Wanneer Jy Uitgeblom Is

Ek wonder of jy my nog sal
onthou wanneer jy uitgeblom
is en die kille ouderdom
sy skaduwee op jou laat val;

Of jy met teerheid terug sal dink
aan ons gewyde eerste dae
voor dat die later bitter vlae
verwoestend om ons gerinkink,

Ons uitmekaar geruk het om
op swakke voet apart te staan,
die leeggestroopte kamers in te gaan
van ouderdom,

So sonder een om op te leun
of op sy bysynswarmte te reken
wanneer die donker nag
ons twee uiteindelik bedeken,
dan met 'n „Slaap maar sag,
my liewe Hart,” te seën.

Ek sou tevrede in my oumanstoel kon sit
as jy nog in ons mooi verlede leef,
my al die lelike daarin vergeef,
en in verbeelding, hand-in-hand
saam met my bid!

Ek Sal Hierlangs Nooit Weer Gaan

O ek sal hierlangs nooit weer gaan:
van al die voorgenome goed
is daar so bitter min gedaan
terwyl die kwade voort sal woed
en ek nooit hierlangs weer sal gaan!

Ek wou so graag hier langer staan,
meer liefde, minder haat beken
vir alles my só dierbaar, en
ek sal hierlangs nooit weer gaan!

Maar weet: my liefde was opreg
vir alles hier en bo die maan,
onthou dit met my ewig weg
wanneer jý ééndag hierlangs gaan!

Die Halwe God

1. Dit staan geskrywe: Woës en leeg was hemel, aarde, omhul met duisternis en waterfloed. Net God se gees wat eensaam swewend sin op bot en vorm van diep verborge drange. Heer, beswaarde, wat perke stel aan lig en duisternis, en waarde tot jongste dae skink aan waters diëp en hòög. U skei in twee die aarde, nât en dròög, en bome, plante spruit op U gebod. Bedaarde, die son en maan gee lig op U bevel om tot die einde dag en jaar te teken, vaste lot van dier en vis en voël — wat kruip en roer en vroet — geskape tot die vyfde dag. U, Here God, die draer van die droom en droom, uit hemelhoog aanskou U droomgebore maaksels: dit was góéd.

2. En dit was aand en dit was more, vyfde dag, toe God gesê het: Dit is goed, die plant en dier en al wat kruip, die aardryk tooi en sier. Maar diep verborge, ougestil, lê droom se krag. En God sê: Laat ons mense maak — soos 'n klag — na eie beeld, en laat hul oor die aarde staan en heers oor vis en voël en vee. Laat son en maan hul tye teken, al wat kruip, en siel het wag op hul bevel. En God het toe die mens gemaak na eie beeld, die eie beeld — die mens gemaak na onaanskoubaar beeld. En — dit was báie goed. Bedaar verborge drang: Die droom in sonnegloed aanskoubaar, lewend, kroon van hoogste soet. En dit was aand en dit was more, sesde dag.

3. U Gees het stil op duister wêreldvloed gesweef, beswaar, want U, almagtig, Heer van al wat is, het U gelyke nooit geken of ooit gewis U self aanskou, daar U net louter Lig is, leef as drang wat onophoudend, ewig, dring en streef na vorm, as drang wat dring om droomgestaltenis uit U gedagte lyf te gee in beeltenis. Geswoeg het U om droom in sigbaar beeld te weef, na beeld wat self onsigbaar bly. Die mens het U gemaak uit klei, weldadig toe gerus, gepéins oor vreemde stilstand van die drif, gewens die beeltenis aan U gelyk moet draer wees van rus, met drang van droom in daad geblus. Die sesde dag, die mens, die ruspunt van U Gees!

4. Waar Pison — hy wat kronkels om Hawila boog:
 die land van goud en balsemgom en onikssteen —
 met Gihon, Frat, Hiddékel — vierling, tog net één —
 terugkeer tot dieselfde bron in wateroog,
 het God die Heer 'n tuin geplant in Eden. Hoog
 het God daar bome uit laat spruit met vrug begeerlik.
 Die boom van kennis, goed en kwaad, van lewe —
 heerlik —
 word middelpunt van die begeerde hof. Die voog,
 tuinier en oorsprong is die mensepaar wat sorg
 vir waterleiding, dolf en spit. Van hul bestaan
 is hierdie gaard die doel en vaste borg.
 Maar sorg of meester, borg of bron, wie kan skei
 of blootstel wat is oorsaak, wat gevolg? Want bei —
 tuinier en tuin se hoë glans — weerglans slegs Één.
5. Die ruspunt van U Gees sou woon in aardse hof
 oorvloedig skoon, so vol met vrug van struik en boom
 dat drif van vormingsdrang hom nooit kon dryf, wat loom
 en onbewus van skepping, bome kweek, tot lof
 van U, wat nimmer rus, wat lewe skink aan stof.
 Om sy ontwil het U geskep langs watersoom
 U ruspaleis waar stil en vrugbaar bome droom.
 Aan hom sê U: Versorg, bewerk, bewaak die hof.
 Die vrug van alles, eet dit vry en onbevrees.
 Dis net vir jou in ewigheid, en ook vir haar
 deur my gemaak om jou tot hulp te wees.
 Eet vry van al die duisend bome op die werf.
 Maar twee: die boom van kennis — goed en kwaad —
 van lewe,
 die sal jy laat onaangetas. Vermý — of stêrf!
6. Met kronkelvuur wat knal die hemel oor en onder
 op dorre aardkors beuk, swiep U tot vrugbaarheid
 die droë stof in ewig vaste diensbaarheid
 van plant en dier. Die mensepaar besin die wonder:
 die plasreën uit die waters bo, die lig, die donder
 wat U met bliksemskig uit duisterheid
 laat vonk en spat. Die mensepaar soek veiligheid,
 behoud, teen onbegrepe skeppingskrag wat sonder
 die vaste hand van U, die Skepper, Here, voer
 na onbekende oord. Die drang tot wete roer
 in mensehart en tastend tussen blare deur
 'n hand wat kennis soek — verbode — goed en kwaad.
 Die mens wil weet: Wie is God en wát. Verraad!
 Hy gryp en skeur met blanke tand . . . 'n Donderslag!

7. Met watertande skeur die mens die appelvrug
 wat rossig tussen blareprag die vrou verlei.
 Die blanke tand bring meer as smaak van vrug so vry
 geëet: vermoede van die eie beeld as brug
 wat skepsel bind met Skepper; kronkelstrale, lug
 en storm bevroed die mens as eie tweelingganger,
 te saam uit Één wat slegs verskyn as Gees. Nie langer
 verstil in hom die skeppingsdrang. Maar bang, bedug
 ontwaak die gees tot drif om stof te roep tot strewe,
 om meer te wees as bomekweker, vuur wat lewe
 en krul te slinger deur die hemelruim. Die Lig
 — dit weet hy — Donderskag wat lewe wek, aanskou
 in hóm Hom Sêlf wat onbewus sou wees. Maar nou,
 vol kennis, diep verraad, versug die mens: Ek's naak!
8. Die werker wat die dagtaak eindig, kap sy pik
 'n laaste kap. oorskou sy vak en stap dan traag
 na rus van afgeleë woning waar hy graag
 verwyl en krag herwin, sy planne maak en wik
 oor nuwe dag se taak. Waar U met kronkelvuur
 aan arbei was om vrug te wek vir plant en dier,
 het U die laaste donderskag gekap en fier
 die wrogting van U droom oorskou. Die awenduur
 is daar en U, wat rus nog duurte ondervind
 van drang tot skepping, soek in koele skemerwind
 die mens. Die lome rus van hom — aan U gelyk —
 bring rus vir U. In hom, sy klein gepeuter, ontwyk
 U self vertraging van U droom. U ken geen rus.
 Nimmersat is U. In hóm word U gesus.
9. So traagsaam, stil, asof die aandwind fluister,
 deursweef U stem die hof van Eden: „Waar is jy?”
 Die mens, verraaiër, skuil bedek met blad van vy
 en struik, bevrees, verskrik oor eie naaktheid, luister
 en weet: soos windgesuis is U, omring deur duister
 en lig waarin U woon, gevorm in elke dier
 en elke boom, onsigbaar net vir hom wat hier
 g'n wete het van goed of kwaad. Sy kennis kluister
 die skender in sy angs. Die Stille, weet hy nou,
 is soos die Donderslag en Lig en Suising, Wese
 van God: alles sien Hy, alles weet Hy. Berou,
 verskrikking vul sy hart: nimmer sal hy weer
 met rus en onbewus kan bome kweek. „O Heer,
 U stem het ek gehoor, verlang — maar ek is naak.”

10. „En wie het jou vertel jy's naak? Vermy — of sterf — die boom van kennis, goed en kwaad, het Ek gebied. Maar jy, slegs stof uit stof, die laat jou nie verbied. Nie bome kweek, maar vrae stel oor My! Verderf dit saai jy, pleks van onbewus die lewe werf vir jou en haar. Soos jy begeer, sal dit geskied: Uit stof, terug tot stof! My saalge droom verniet gedroom! Te same sal jul tot die einde swerf. Vir háár: Begeerte slegs na aardse stof, na jou! Sy sal jou kinders dra met moeite, baar met smart. Jy sal die heerser wees oor haar, of dit berou. Vir jóu: Die aarde is vervloek om jou ontwil. Met sweet in jou gesig van swoeg, met distels, dorings sal jy, verraaiër, tot die end jou honger stil.”
11. Die beeld van My beeld, — deel, tog één — met hom sou sterf 'n deel van My! Verlange net na rus van eindelose skeppingsdrif die het in hom 'n lyf gekry, as tolpunt waaromheen My skeppingswerk sou wentel, groei. Aan My ontleen, sou slegs in hom voleinding sigbaar wees. Die wet van skepping, Ek, gehoorsaam rus nog slaap, belet dat ooit 'n deel van My verstil, verstol, versteen. Die drang na skeep en rus deureengevleg, is Ek: die vlugpunt van die naaf en stolpunt van die as, in eindelose wentelgang wat lewe wek. Die mens se vorm is rus, My halwe deel, gerig teen My, uiteengeval. Sy vorm moet sterf, moet swig. Sy kennis — bindend, suiwer — bring herstel in My.
12. Hy het geword soos een van Ons, 'n halwe god, die mens wat weet van goed en kwaad. Onsterflikheid ontbreek hom nog om vol te maak sy godlikheid: die dood van alle drang en skeppingsdrif. Die lot verhoed Ek: Sper die lewenspad — is My gebod — tot vrugteboom en ewigheid. Verdryf die mens, verjaag hom uit die hof van Eden. Ek stel grens en perk aan sy bestaan en laat hom swerwe tot sy kennis hom die poort ontsluit na Ewigheid. Laat géruks met die swaard ontbloot, wat flikker, woon beooste van die poort, die lewenspad bewaak. G'n halwe god sal ooit hierna die Boom genaak en leef! Versterwing van die vorm, van rus, is loon vir godlikheid en lewe. Vlamstil staan My wil!

T. S. Eliot

DR. C. W. HUDSON

In die tydgenootlike digkuns is T. S. Eliot 'n groot krag, want nie alleen het hy die Nobelprys vir die letterkunde verower nie, maar hy word vandag aanvaar as die leidende figuur in die Engelse letterkunde. Deur sy verskuns en sy prosa het Eliot as 't ware 'n revolusie in die *smaak* van sy geslag teweeggebring. Sy eerste werk, *Prufrock* (1917), was satiries, soms komies, altyd dramaties en onpersoonlik en het 'n onderliggende neerhaling van die moderne beskawing en sy gevolge. Uit sy kennis van die Franse digkuns, sy lees van John Donne en die Jakobynse dramturge, het hy 'n bytende en vére reikende beelding gehaal wat die intellek bevredig en die sinne streel deur onverwagte ritmiek en klankvondste. In daardie diepsinnige werk, *The Waste Land* (1940) in 'n „*heap of broken images*”, vat hy die kultuurlewe van die Weste saam en stel dit oneerbiediglik ten toon. Vir die leser is Eliot se metode in hierdie gedig vermoeiend in die beginstadium, want die digter maak staat op 'n hele reeks verwysings na ander skrywers se werk. Maar al is alles nie verstaanbaar nie, tog gryp dit mens se verbeelding aan. In *The Waste Land* laat hy 'n beskawing beskaamd staan wat geen geloof het nie, slegs 'n verlede. Hyself het geloof nodig gevind vir sy lewensbalans, en in *Murder in the Cathedral* skep hy 'n versdrama wat Christelike waardes onderstreep.

T. S. Eliot is een van die pioniers van die moderne *vers libre*, en diegene wat nie van sy gevolgtrekkings hou nie, moet sy intellektuele skerpsinnigheid en sy rype kennis bewonder. Al is sy werk so glansend nuut, staan hy nie wars van tradisie nie: „The historical sense compels a man to write not merely with his own generation in his bones, but with a feeling that the whole literature of Europe from Homer and within it the whole of the literature of his own country has a simultaneous existence and composes a simultaneous order. This historical sense... is at the same time what makes a writer most acutely conscious of his place in time, of his own contemporaneity.” Sy opvatting van poësie word nie as revolusionêre slagspreuk ten toon gestel nie, maar is behoudend: „Poetry is not a turning loose of emotion but an escape from emotion; it is not the expression of personality, but an escape from personality.” Verder laat hy die verlede in die hede invloei as behoudende

krag: „No poet, no artist or any art, has his complete meaning alone. His significance, his appreciation, is the appreciation of his relation to the dead poets and artists.”

Die werke van die dramaturge ná Shakespeare het 'n blywende invloed op die digkuns van T. S. Eliot uitgeoefen, maar in sy vroegste verse toon hy veel invloed van die Franse: Corbière en Laforgue. Hy het die simbolistiese invloed in Engels ingedra, en die romantiek van Laforgue het hom lank bygebly. In sy *Conversation Galante* vind mens selfbeheer, sentimentaliteit, 'n delikate ontleding van gemoedstemming, die evokasie van atmosfeer deur middel van doodgewone konwersasie, nie-paslike skynwaarheid, 'n losmaking van die jambiese ritmes (soos die eksperimente van Laforgue, en die bekende Jakobynse praktyk) die aanwending van alledaagshede, salons, tries-tige strate: almal word ingedra om gevoelens te wek en om plekke te kenskets. Sy metode word verwoord in:

It is impossible to say just what I mean!

But as if a magic lantern threw the nerves in patterns
on a screen.

Hy suggereer 'n emosionele empasse deur middel van versluiserde verwysings wat ooreenstem met 'n „*hundred indecisions*” van die gemoedstemming. 'n Meesterlike aanwending van verpoëtiseerde woorde is alreeds duidelik uit:

I have measured out life with coffee spoons . . .

I grow old I grow old

I shall wear the bottoms of my trousers rolled.

Iedere beeld vermeng konkreetheid en geestelike verwatering. Geen ander digter het die treurige agterstraatjies en dakkamertjies se atmosfeer so skerp verwoord nie. Veral in *Preludes*. Hy het in die huidige tydgees ingetree en sy digkuns met die bestaande materiaal gaan bou. In *Rhapsody on a Windy Night* vermeng impressionisme met die herinnering; dit wek ennui en afsku. Die beelde groei uit die herinnering uit.

Hy kan beelde baie effektief aanwend. Hy herhaal sommige beelde en woordgroepe soos musiekfrases, wend refreine en woordspeling aan:

There will be time, there will be time

To prepare a face to meet the faces that you meet . . .

Later sou hy terugkeer na die tradisionele vorms en die verheffingsvers in herbruik neem. Ook het hy blanke verse soos dié van Webster en Middleton in *Poems* (1920) aangewend. En hierdie tegniek is paslik om die mentaliteit van sy eie tydgees mee uit te druk: die mensdom is moeg, die mensdom is al oud en afgeleef van al die eeue se bestaan, wil die verlede vergeet, maar kan hom geen toekoms voorstel nie, die mens stel net in die vinnig-vliedende hede belang. Hierdie digter van as en stof het 'n groot gevolg gekry: die huidige mens het hom verstaan, want hy het sy eie sielsgebeure vir hom verwoord.

The Waste Land was 'n grootse skepping in die jare toe dit verskyn het, en hou vandag nog die magie van Eliot se meesterskap voor. Die kontras vir Eliot tussen hede en verlede word deur die kuns van Europa vir Eliot vergestalt. Ten einde dus om die verlore glorie van Venesië op te roep, maak die digter gebruik van talle aanhalings uit bv. *The Merchant of Venice*, *Othello* en *Ruskin*. Lelike realisme; kultuurverval word in sy Europese perspektief gesien.

In die *Sweeney*-gedigte word die seksuele vulgariteit van die hede gesatiriseer, want die digter verafsku die moderne mens se lewenswyse en sy leë persoonlike kultuurloosheid. Moderne ideale word in *A Cooking Egg* gehekkel, en in *The Hippopotamus*, ry die kerk in die wêreld van vandag aan die pen.

Gerontion druk Eliot se kritiek op die lewe uit. 'n Man wat aan geestesarmoede ly, word uitgebeeld: „a dry brain in a dry season”, en hy woon in 'n „decayed house”. Hy onthou hoe dat in die lente, toe 'n teken van God verwag is: *Came Christ the Tiger*. Maar al wat ons oor het, is: „flowering Judas”. Vermoeid en verbitterd kruip hy in 'n donker hoekie weg. Hiermee begin Eliot se beklemtoning van die religie in sy digwerke. Ook in hierdie gedig het Eliot baie verwysings na ander digwerke ingevleg.

Maar dit is eintlik in *The Waste Land* waarin ons Eliot se tegniek die beste kan bespeur. Dit is ingegee deur Jessie L. Weston se boek oor die Graal-legende: *From Ritual to Romance*, en Eliot het dit nodig geag om 'n hele aantal bladsye vol aantekeninge oor sy gedig se duisterhede te verskaf. Die digter skeep probleme as hy vra:

But where is the penny world I bought
To eat with Pipit behind the screen? en direk daarop
volg:

The red-eyed scavengers are creeping
From Kentish Town and Golder's Green...

Die simbole-botsing, die kontrastering van kinderlike idealisme en die lelike werklikheid word geharmonieer tot 'n diepe gevoel van verlies. Die leser se volle aandag en oorgawe word vereis, want 'n groot voorkennis word aan die kant van die leser veronderstel. Dus begin sy poësie op geleerdheid staat te maak om geniet en ten volle gewaardeer te word. *The Waste Land* groei aan tot meer as iets wat simptomaties is van die koorsigheid van die eeu waarin ons lewe. Dit beween die vervalde aard van die mens, is 'n profesie en 'n belofte. Mej. Weston se boek herhaal hoedat 'n ridder die *Waste Land* teen 'n droogte gered het wat gevolg het op die hoë ouderdom van die koning, die sogenaamde visser-koning. Ten einde die ou koning se jeug aan hom terug te besorg, moet die ridder na die *Chapel Perilous* gaan om daar die spies en die graal, simbole van die manlikheid en vroulikheid, te vind. Hierdie verhaal word deur Eliot toegepas op die moderne samelewing en die religie. Ons huidige beskawingsvorm is die *Waste Land*, en ons kan verjongingskure ondergaan, slegs deur ver te reis, deur veel te ly in die proses. Simbole word deur die digter gehaal uit aanverwante mites en godsdienste. Hierdie onderlinge verwantskappe moet deur die leser deurwrog word, voordat hy die gedig kan verstaan.

Die gedig bestaan uit vyf onderafdelings wat dun aan mekaar verwant is. Slegs 'n kennis van Dante, die drama van die Jakobyne, Buddhisme, die mitologie, die geskryfte van James Frazer, en die reeds genoemde werk van Jessie Weston, kan die leser help om die struktuur van die gedig te verstaan. Desnieteenstaande word ons getref deur die skoonheid van die detail en die verskeidenheid van die beelding en dië ritmes.

Die gedig begin met deel een, genoem die *Burial of the Dead*:

April is the cruellest month, breeding
 Lilacs out of the dead land, mixing
 Memory and desire, stirring
 Dull roots with spring rain.

Dit onderstreep die verskynsel van verval en die verlies van vrugbaarheid. Deel twee handel oor die mag van die vrou, en is getitel: *A Game of Chess*. Deel drie heet *The Fire Sermon* wat die verbranding van die mens in vlamme van die sinnelikheid voorstel en dui op die liederlikheid van stedelike plesiertjies, sowel as die slopende mag van die menslike sensualiteit. Deel vier is kort, en is vertaal uit

van die digter se vroeëre eksperimente in Frans, wat die kortstondigheid van die sensuele lewe beklemtoon. Die verskillende temas word in die vyfde gedeelte saamgevat. God se boodskap aan ons in die dal van doodskaduwee is selfopoffering, meegevoel en selfbeheer. Dit lei tot redding.

Hierdie gedig is een van die merkwaardigste gedigte van ons tyd, maar hy kan nie alleen staan nie, omdat daar te veel verwysinge inbegrepe in die teks is.

T. S. Eliot se meesterstuk is waarskynlik *Ash Wednesday*. Weer is die tema religieus van aard, en wel dié van persoonlike redding. Dit is geen mistieke gedig nie, maar behandel die mistieke: die self-negasie, die lydsaamheid, die geestesduisterheid, die gevoelskakeringe wat volg op konwersasie, geestelike nederigheid wat die plek inneem van selfversekerde nihilisme. Miskien hou almal nie van die digterlike idioom nie, maar die woordkuns en die woordtone is meesterlik geïntegreerd in die teks van die gedig.

In die eerste gedeelte wend die siel hom af van menslike strewe, en vind bietjie plesier in 'n uiterste selfvernedering. Daarna die aanvaarding van die geestelike dood. Derdens styg die siel van die aardse na die hemelse dinge, wég van die aarde af. By die tweede draai om die tweede trap, bly net duisterheid, 'n verouderde man, 'n lewende wrak, die uiterste verlatenheid en negasie. Daarna kom die lokstem van die bose. Die vierde gedeelte handel oor die oorgang van die aardse ervaring na die hemelse. In die vyfde afdeling word daar verhaal hoedat God deur die mens verwerp word. Die digter vra dat 'n gesluisde moet bid vir die verdeelde siele, die renegate, die lafaards wat van God se Tuin 'n woestyn gemaak het. Laastens volg 'n opsomming van die stadiums van die siel. Vrede het dit nog nie gevind nie, maar wissel tussen die oue en die nuwe:

Teach us to sit still
Our peace is in His will
Suffer me not to be separated

Hierdie gedig se intellektuele agtergrond is universeel, die verwysinge is verstaanbaar, want die liturgie en die Bybel is die bronne van *Ash Wednesday*.

Nou het gevolg *Sweeney Agonistes* (1932) wat dui op 'n terugkeer na 'n vorige tematiese instelling. Dit handel oor inaniteit, die leë gesprekke van leë siele in 'n jazz ritme. Dit span tewens 'n brug na die ernstige versdramas wat hierop volg: *The Rock*, en later *Murder in the Cathedral* (1935). Anders van toon en opset is *The Confidential Clerk*.

The Family Reunion (1939) is 'n versdrama waarvan die verstegniek baie na aan dié van die prosa staan.

Eliot se leemte lê in die digterlike inhoud van sy gedigte: sy trefkrag is beperk en sy poëtiese effekte word herhaal. Deur sy tydgenote is sy tegniek egter nie alleen aanvaar nie, maar ook bewonder. Sy kuns is in die tradisie van die „understatement” van die dertigerjare, 'n mode wat sy poësie se waarde in latere geslagte se oordeel moet laat krimp. Sy werke is nie vir die massa nie, dit is te gespan, te ekonomies, te kortaf van segging. Sy nuutheid word oud en kan die tyd se verwering nie so goed deurstaan nie, want die taalidoom as sodanig alleen is nie voldoende vir 'n digter se duursaamheid nie. Wat tel, is wat in daardie bepaalde idioom gestel is.

Eliot het min geskryf vergeleke met die hoë status wat hom as digter toegestaan is. Maar te min kwantiteit is geen defek nie, die bogemelde gebrek aan poëtiese inhoud is wél.

As spreekbuis vir sy tydgenote is Eliot egter 'n unieke digterpersoonlikheid. Sy ontevredenheid met die verrotte standarde van individualisme kon deur sy aanhangers waardeur word, alhoewel almal nie met sy middele akkoord gegaan het nie. Die moderne mens se gevoel van lewensfutiliteit kon hy weergee in 'n vorm wat hy spesiaal daarvoor, vir sý besondere intellektuele inhoud, gaan skep het.

Hoe groot sy invloed op die digters van sy eie tyd is, is 'n saak wat glad nog nie behoorlik uitgemaak kan word nie.

PROFESSOR MALHERBE IN ACTIE

Uw landgenoot professor Francois Malherbe heeft kans gezien zich in enkele maanden tijds in Nederland een bekendheid te verwerven, zoals maar weinigen voor hem is gelukt. Hij heeft tot taak de Nederlanders warm te maken voor de Afrikaanse literatuur en dat is hem wonderwel gelukt. Hij reist en trekt, spreekt op vergaderingen en voor de radio, met studenten en collega's en is er stellig in geslaagd ons begrip bij te brengen voor de schoonheden van de Afrikaanse letterkunde . . .

Intussen heeft hij bereikt dat bij de firma Van Stockum in Den Haag een boekendepot van Zuidafrikaanse literatuur ingericht zal worden, waaruit de handel en het onderwijs zal kunnen putten.

Nederlandse Post, Jrg. II/11 (1958), bls. 5, 14.

Otter

Stroomglad glip jy teen die dowwe kant
van riet en spaangras en 'n pol
geel bessies. Blink kalwerkoppe stert 'n bank
tot waar 'n waterskilpad tussen wortels stol,
potsierlik agter uitstort uit sy dop.
Alle hindernisse is nou teruggestroop:
Die erdvarkstert en puntgeskerpte kop
kalf elke maalgat wyer, dieper oop.

Jy het jou ook al baie in ons kuil geweek,
gedraai, gerol en spits op en neer
getuimel en geduik. Dis as jy dikgeveet
met nat baard en lippe boontoe breek
dat ons te laat met jaghond en geweer
jou dol verrukking en jou hartstog wou vergeet.

Ons Dogter

„Verstaan, meneer, ek't hom nie vir die grap geskei:
Hy was 'n duivel en hy't kwaai gedrink.
Elke aand se ding en as hy so is, verdink
hy my van owerspel. Maar dis onnodig om nou daaroor uit
te wei.

Jy's hier om oor die kind te praat. Ons moet hom ry
oor hy so aanhou om hom aan ons af te vee:
Hy't laasmaand nog 'n pond te min vir onderhoud gegee,
en skram dan dat hy self skaars aan die lewe bly.

Sy is so mooi en jonk en lewendig. Ek weet
die mense sê ek kan haar nie regeer;
maar sy het geen gebrek. Ek maak voortdurend skuld.
Ek's nie skaam vir ons huisie en ons eet.
Nou vra ek jou: hoe dink jy moet ek voel, meneer,
as mense sê my dogtertjie raak wild?

ANNA HOLLENBACH:

Perspektief

Fantasties, wonderlik!
Die Russe het presteer!
Daar wentel Spoetnik nommer een
In ruimtevlug
Hoog bo die stratosfeer!

Fantasties, wonderlik!
'n Mens kan dit skaars glo —
'n Tweede Spoetnik
Met 'n hond daarin
Hoog in die hemelruimte, bo!

Met vuurpyl in vuurpyle word
Die satelliet lanseer,
Met radio, rigtingvindingsapparate,
Afstand, spoed, posisie,
Lugdigtheid en intensiteit van strale
Vasgestel of selfs beheer,
Deur wetenskaplikes en tegnici
Na jare van eksperimenteer.

Twee mensgemaakte satelliete
Dwing in 'n wye kring
Groot vrees af en bewondering;
Die mensdom staan verslae . . .
Dit het ons vergeet:
God het die groot heelal,
— Hemel, aarde, see,
Met ál wat daarin is —
Geskepe in ses dae!

Skeiding

In hierdie skeidingsuur
is elke vesel van die hart
'n vuur
waarin ons liefde vlam en gloei
toldat dit
suiwer wit
en helder soos 'n roosknop bloei.

Ons liefde nog so broos
die wasdom van 'n god'likheid
'n roos
wat skugter in jou hare vlek.
Maar op 'n roseblaar
het weerloos in die son
'n traan gehang
wat veraf soos die nanag-skemer
breek,
verbrokkel nes 'n ster
wat in die hemelsfeer verskiet.

Nog in ons laaste kus
was elke weefsel pyn en smart
geblus,
geskroei
tot rasels van 'n klare dors.

Maar aan jou suiwer lippe
het hartstog en verlange
soos druppels smart gekleef,
gebibber en geword
die angs waarin ons leef.

Die Pelgrim

Sal ek o God wanneer ek eendag nie meer swerf,
wanneer ek oud en moeg die laaste skof ontbeer
en skielik op 'n godverlate pad moet sterf;
Sal ek vir laas kan uitspan aan U Voetbank Heer?

Roeping

Klein begin uit die
nederige grond, sal hy
groeï en stadig sy
wortel stoot en nie

huiwer vir klip of bank;
en dan weer sy sap
diep uit die aarde tap —
die wasdom hoër laat rank.

So word ek en jy
klein geroep om ook
Óns taak te laat gedy

tot eer van ons Maker —
selfs al word ons later
slegs hiérom onthou . . .

Geboorte

Die koms van nuwe lewe:
Wonder ons deur God gegewe,
Ruis diep in my, êrens . . .
Dís die vreug en die pyn
Wat in die nanag skyn —
Helder en vas.

Oggend

Wydoop blom die dag
waar die vleivolk sing
en die koester lag,
want dié dag bring

nuwe lewe en lus
ook vir die mens
voor hy gaan rus
Anderkant die verste grens . . .

Aand

Asfalt-blou die skemer
wat opdoem oor die dam
waar langbeen reiers luiers
tot die neweluur, om dan
dieper in te waad
en een-been wag te staan . . .

Lente

Wit-oop pols die dag,
eendag, plots in
die vierde laaste maand.

Netnou gloei die prag,
en blad en bloeisel
vul die vaal-soel aand

met 'n lied se ou-ou geur
tot ek, skielik helder uit
my winterslaap boontoe beur.

ADRIAAN SNYMAN:

Terugkoms

Tafelberg . . . ! Massief toring hy, verdamp dan iewers in die mis. Ai die vreugde. Byna tuimel ek oor die dekreling. Blydschap vreet in my oë en skop soos 'n jong perd teen my ingewande. Ver onder vlok die groen skuim teen die romp.

Ek kom orent.

Vlak langs my staan Herman Schreuder, een van die Afdeling-kapteins onder wie se bevel ek in Korea gestaan het. Snaaks, ek kon hom nooit juis veel nie, het dit soms moeilik met hom gehad.

Dit was oorlog.

Oorlog waarheen ek gevlug het vir die dinge wat ek nie kon verstaan nie, dinge wat my in die afgelope twee jaar bygebly het — deel van my geword het.

Dit was woens.

Mens is mos maar so, mens vlug mos maar vir alles waarteen die logika van jou denke nie kan opweeg nie; jy gaan delf op ander lewensterreine en kom dan weer voor dieselfde probleme te staan.

Herman Schreuder. Ja, hy was die een wat my in 'n toestand van geestelike ontwrigting slagveld toe gedryf het. Daar sal ek vergeet, het hy beloof.

Vergeet! Hoe kan 'n mens vergeet?

Daar was Pa, Moedsie en Lindie . . . Lindie! Hoe kón ek haar vergeet?

My gedagtes ruk skielik terug na die werklikheid as ek in 'n gedrang teen Schreuder vasgedruk word. Hy kyk om en sy oë spleet fyn, half ongeduldig, dan vee 'n glimlag oor sy pap mond.

„O, dit is jy, Richard?”

„Môre, Kaptein!”

„Ons is hier nè?” Sy stem klink glad en oliërig, soos altyd; dit stoot my af en ek kyk in 'n ander rigting.

„Ja, ons is hier.”

Dan draai ek om en gewaar Marie waar sy net op die dek uitkom.

„Hooeei . . . !” Sy wuif met 'n wit sakdoekie.

Eindelik is ons op die kaai.

My oë soek onder die menigte. Waar kan hy dan wees? Iets kriewel in my op maar ek onderdruk dit byna onmiddellik.

„Nee, Pa sal hier wees!” Dan sukkel ek weer voort.

Marie klou aan my baadjiemou en haar skoene klik-klak oor die plaveisel.

„Dit was ék!” vlam die gedagte skielik in my brein. „Ek het vir Pa-hulle daar op Heuningkrans laat staan en Korea toe gevlug. Ek was die een wat nie my sin kon kry nie en dae lank met Pa geredeneer het.”

Die spanning torring weer aan my.

Miskien was dit omdat ek dinge so anders verwag het, omdat ek gereken het Pa en Moedsie verstaan, begryp en sal toegee.

Dit was ek en Lindie. Ons wou trou, maar Pa was daarteen en het geweier — later gedreig.

Ek het opstandig geword. Hardkoppig voortgegaan met ons trouplanne. Moedsie was ongelukkig, het by die dag agteruit gegaan, maar ek was blind, wou na geen rede luister nie.

Ons sal trou!

Toe kom die oorlog.

„Sluit aan,” het Herman Schreuder gesoebat. „Gaan veg en jy sal die ding kan vergeet.”

Ek het weggeloop en is Korea toe.

„Daar's hy!” juig ek hardop. Die gedagtes waaraan ek pas geloop en herkou het, is oombliklik vergete.

„Kom!” Hy het daar eenkant gestaan, nog steeds na die skip gestaar, verlore.

„Paaa!”

„Kinta!” Oorweldigend.

Sy skimmel-wit hare flap in die wind, ek sien die deining wat oor sy oë swel. My hart vlam.

„Pa . . . aitog, Pa!” Dan slaan ek my arms om sy tenger liggaam en klou hom vas, al die verlangens breek op en krummel in my. Ek kon nie help nie, dit was laf, maar ek het gegrens — lekker!

„Marie, dis nou my pa.”

„Oom!” Haar oë blink.

Hy het woes keel skoongemaak.

Dit was nog dieselfde motor. Vandat ek my verstand gekry het, besit Pa al hierdie ou rammelkas. Snaaks dat hy nooit 'n ander een aangeskaf het nie, miskien omdat hy nie sin in hierdie nuwerwetse goed kon kry nie. Ek onthou nog goed hoedat ek destyds aan hom geneul het om een soos oom Herklaas te koop, maar daarvan wou hy nie hoor nie.

„Betta moet my nog graf toe dra,” kon hy dan altyd terg.

Pa en Marie het agterin geklim en ek het alleen voor gesit. En terdeë bewus van die feit dat Marie se teenwoor-

digheid Pa nie aangestaan het nie, het ek doelbewus 'n poging aangewend om die gesprek aan die gang te hou. Nie lank nie, of Pa het self die voortou geneem en gebeurtenisse van die afgelope twee jaar opgediep.

Weer het ek die verwarde uitdrukking in Pa se oë gesien toe ek Marie daar op die kaai aan hom voorgestel het. Miskien het hy gedink dat ek haar in my hardkoppigheid moedswillig saamgebring het om hom opnuut weer seer te maak, te wreek vir die bittere onreg wat ek destyds moes ly.

Maar dit is nie so nie!

Ek het Marie lief.

Liewer as wat ek Lindie ooit gehad het. En ons gáán trou!

Dis 'n pynlike gedagte om te dink dat dieselfde ding weer kan gebeur. Maar hoekom? Hoekom is Pa daarteen gekant dat ek moet trou — dis tog immers menslik.

Die son het loodreg op ons neergebak. Selfs hier in die motor kon ek die snikkende hitte voel en gepaard daarmee het die eentonige gesing van die wiele my lomerig en vaak gemaak.

Enkele vlieswolkies was wyd oor die hemel gespan, ek kon die seningrigheid daarvan aanvoel: dun en reënloos. Pa het van 'n groot droogte vertel, van windstil maande en snikhete dae. Dae waarin die somerson jou liggaam swartbruin, soos die hawerland se kleigrond, kon looi.

Met 'n halwe oor het ek geluister. My gedagtes het lig geword en weggedwaal, met ander dinge begin vroetel... Die koel water in die ou plaasdam op Heuningkrans... Heerlik, met die groen maling as jy daarin afsak. Miskien kan ek en Marie nog so 'n draai daar gaan maak as ons nie te laat by die huis aankom nie...

Heuningkrans!

Wyd lê hy, dobber saam met die glooiing van vlaktes en versmelt teen die hemelrug. Ek verminder die snelheid, soek met my voet na die rem en swenk dan uit die hoofpad. Stadig vleg ons tussen die populierbome deur. Ver kan ek die ou opstal sien waar hy in die laat middag teen die hang uitskig.

My gedagtes wring, versplinter dan in duisend vrae. Hoekom lyk alles so verwaarloos, die tuin, die wingerd en die boorde — waar is dit?

Miskien? . . . Hoekom nie!

Pa is g'n kind meer nie. En Moedsie . . . Die bloed bruis skielik in my op, skommel dik en warm teen my slape. Moedsie is nie meer nie!

Daardie aand, hoe sal ek dit nou ooit kan vergeet, toe

ek slinger-slinger uit die kroeg gekom het en kaptein Wilson 'n kabelgram aan my oorhandig het. Ek was te moeg om daarna te kyk en het dit in my sak gefrommel. Die spanning van die dag het nog swaar oor my gehang en ons mislukte bomaanval op 'n vyandelike basis wou my verteer.

In my kamer het ek die koevert dom-onnosel oopgeskeur. Die letters het voor my oë gedans, soos vuurstrale gespat. En toe dring dit tot my deur: MOEDER GISTER OORLEDE — PA.

My tong oor my lippe was droog. Ek het op die bed neergesak. Dronk gelag en gehuil — deurmekaar.

Toe ek eindelijk voor die opstal stilhou, het die son se voorlopers al ver, skeel teen die vlakke uitgekruip. Die hitte was ook vinnig aan die afneem, terwyl 'n droë windjie vaal stofoue in die grondpad opjaag.

'n Klompie mofskape het stadig van die rivier se kant af aangekom, party het kopswaaiend aan die gyl stoppelgras gepluk, terwyl van die ander traag en lusteloos op 'n streep windpomp toe gekoers het. Halflyf kon ek outa Klaas sien waar hy met 'n lammetjie op sy arms agter die trop aanslof.

Ons het uitgeklim en langs die motor bly staan. Nie een het iets gesê nie, ons gedagtes was tydelik ingehok. Ek het dáár gekyk waar die dag wegkwyn, 'n bont skarlaken oor die hemelsee spoel. Die wind het skielik opgestaan, suisend deur die bome aangejaag.

„Klááás!”

„Klaaooes!” Dit was Pa; met wilde armgeswaai het hy die skaapwagter nader gewink. Ek kon sien hoedat ou Klaas die lam stywer teen sy bors vasdruk en skuins by die skape verby steek, reguit na ons toe. 'n Rooibeën-kiewiet het verwilderd voor hom opgeskrik en krysend oor die laning weggewaai.

„Ai, outa Klaas.” Ek kon maar net lag.

„En braskas die klêbaas hy't weer gakom?” Sy oë knip skyfiesdun en vol gedagtes.

„Ja, my hart het sommer baie Heuningkrans toe gevat. Maar nou is ek mos weer hier.”

„En die Nonnie hy moet ok maar hier kom bly?” Die ou gesig plooi soos 'n uitgedrukte suurlemoen. Ek kyk af na Marie, haar oë flonker van genot en sy raak effens verleë.

„Hoe dan, my Outa?”

Kort na sononder is ek en Marie dam toe. Pa was nog besig met die melkery en alhoewel hy self nie meer gemelk

het nie, wou hy tog nie die werk geheel en al in die hande van die werkvolk oorlaat nie.

Hand-aan-hand het ons deur die vyelaning gestap, vry en sorgloos. Sy het soos 'n skooldogter gebabbel, uiting gegee aan al die vreugde in haar. Stil en sonder woorde het ek dit met haar gedeel, want daar was ander dinge waaroor ek nog helderheid moes kry; dinge wat pla sedert ons vandag hier aangekom het.

„Stouterd, jy loop al weer en droom!” Sy het my oor 'n draai gegee en vinnig weggenaël. Duskant die dam het ek haar ingeloop.

„Blikskater!” en toe plons sy gillend in die water.

Hoe lank ons daar baljaar het, weet ek nie. Maar dit was nie voordat outa Klaas verby gestryk het stroois toe dat ek moeg en dronk in my kop uitgeklim het nie.

„Haai jong, ons moet nou haastyd huis se kant toe staan. Pa is alleen en wonder seker al wat van ons geword het.”

Sy het die water uit haar oë gegee en op die rand uitgeklim.

„Tel my af!” soos 'n stout kind. Toe ek haar langs my neersit het sy gebewe van die koue.

„Kry jy koud?”

„Oooo...!” Haar tande kletter opmekaar.

Die luggie was geniepsig en toe die windpompwiel stadig begin krink en 'n dun straaltjie water in die dam inryg, het ons aangestap.

Daar was baie om oër te gesels. Ek en Pa het tot laat die aand nog in die kombuis gesit. Ons het oor alles behalwe Marie gepraat. Sy was al in die bed gewees, ook maar moeg van die dag se opwinding.

Dit het my gehinder, dié dat Pa nog geen woord omtrent haar gerep het nie. Miskien het hy geweet? Of was dit omdat die herinneringe van twee jaar gelede nog vars in sy geheue was en hy 'n herhaling daarvan so lank as moontlik wou uitrek?

My gedagtes het terug gedwaal na die eerste keer toe ek Marie ontmoet het. Sy het diens gedoen as verpleegster in 'n militêre hospitaal en was 'n volbloed Afrikaner. Eers later het ek verneem dat sy met vakansie was en toe sommer net vir die avontuur aangesluit het.

Een aand terwyl kartetse rooi teen die horison gebars het, het sy aan my belof dat sodra alles verby is sy saam met my na Suid-Afrika terug sal keer.

Toe Pa eindelijk opstaan om te gaan inkruip, was ek nogal bly, want naderhand wou die gesprek maar nie vlot nie en het telkens op 'n dooie punt uitgeloop.

Hy het vir hom 'n bekertjie water geskep; een van die kerse wat al laag gebrand was, opgetel en kamer toe gestap.

„Nag, Kinta.”

„Nag, Pa.”

'n Rukkie het ek nog doelloos rondgestaan. Ek was nie meer so vaak soos vroeër in die dag nie. Miskien as gevolg van die baljaardery in die swemdam.

In die voorhuis het ek op 'n muurvergroting van Moedsie afgekom. Dit het vir my bekend gelyk en ek het dit onthou as 'n foto van haar wat jare lank in die trommeltjie bo-op die kas gelê het. 'n Sprekende beeld van haar, vol lewe en deernis.

In my kamer het ek lusteloos op die ysterkateltjie neersak. Vir 'n tyd lank gesit en luister na Pa wat in die kamer langsaan nog skuifel en werskaf. Later het ek maar gaan lê en probeer slaap. Dit wou egter nie kom nie. Ure lank het ek om en om gerol; verwarde beelde in my gedagtes opgewek.

Dit was Lindie — vaag en onbereikbaar in die agtergrond.

Moedsie. Stil en met daardie treurende uitdrukking in haar oë soos ek haar die laaste paar weke geken het.

En dan Pa.

Pa! Ai, as ek hom maar kon begryp, kon verstaan. Pa wat altyd 'n vader en 'n beste vriend vir my was, was meteens so ver van my verwyder.

Die ding van ek en Lindie het hom destyds diep geraak, seergemaak. Oënskynlik het hy laat blyk dat ons verhouding hom glad nie aangestaan het nie, maar somtyds was sy onverbidelike optrede weer so halfhartig en terughoudend dat selfs Moedsie hom eendag daarvan beskuldig het dat hy dit teen sy eie wil doen.

Vervlaks! Skielik was ek nugter wakker. Ek kan maar net sowel opstaan. Dit was byna twee-uur. Met my bene het ek die komberse afgewoel en sonder om die kers aan te steek begin aantrek. 'n Paar oomblikke later was ek buite in die nag.

Dof en ver het 'n kriek sy eensaamheid oopgekrap. Ek het weggeslenter, sommer net gestap. 'n Halfmaan het net bokant die populierbome gehang.

Teen die damwal het ek gaan staan, my arms onder my kop en my oë in die water. Diep op die bodem het die sterrehemel geroer, soos fyn diamante geskitter.

Marie!

Haar laggende bruin oë kol voor my. Ek laat my hand in die water gly, kring dit om en om — die maan vou soos 'n stuk lap.

„Hoekom nie?” stik ek byna, „hoekom kan ons nie trou nie?”

Voetstappe kraak agter my; ek skok in die rondte.

„Paaa? Gits, Pa!” roep ek uit.

Hy sukkel deur die stinkoliebome, kom staan langs my en hyg na asem.

„Kinta,” sê hy dan, maak keel skoon en flets op die grond.

„Kinta, slaap jy dan nie, hè?”

„Pa, ek kyk maar somer, dis so mooi, die nag. Hoe sal Pa nou oor my sukkel? Pa moet slaap!”

„Die enjin, ’k het gedink die enjin loop nog, toe het ek jou gesien. Wat maak jy hier?” Sy bors gons soos ’n koffiemeul en groot sweetdruppels plas onder sy neus.

Ek skud die water van my hand af. Nou eers kan ek sien hoe oud hy werklik geword het in die tyd wat ek weg was. Sy skouers het krom getrek, asof die lewe te swaar op hom druk. Fyn plooitjies flits aanhoudend om sy mondhoëke en oë.

„Kinta, mens dwaal mos nie soos ’n hantskaap wat nie rus kan kry nie? Die oorlog het jou mos geleer, of hoe?”

„Pa, ag, Pa, ek weet nie so mooi nie, miskien het ek nou eers begin leer!”

„Hè?”

„Ja, Pa.”

Toe bars hy los: „Uit, Kinta! Uit daarmee!”

Stilte.

Weer stilte.

„Pa ek wil gaan trou!”

Sy kop ruk, yl val die wit hare oor sy oë.

„Hu? Hoekom dan?”

„Og, Pa, Pa weet mos!”

Sekondes verloop.

„Nou ja, toe dan maar,” sy stem is moeg, tam en lusteloos.

’n Groot seer brand in my keel, skiet op na my oë en stroom oor my wange.

„Dankie, Pa.”

Daarna het ’n byna tasbare stilte oor ons gesak. Elkeen besig met sy eie gedagtes.

Ek staar voor my uit, sinneloos. Die sipresbome staan skubbig in die leegte, die donkerte is swaarder daar, dieper en ondeursigtig — ’n swart vlek.

My eie hart?

„Kinta!”

„Pa?”

Hy sukkel na ’n boomstomp toe en syg daarop neer.

„Kom sit hier.” Ek beweeg, langsaam, byna traag. 'n Padda kar-kar deur die gras en plons dan in die leivoor.

„Kinta, Pa moet jou maar vertel. Moedsie!” Sy asem brand skielik. „Moedsie weet ook nie, het dit maar vir haar stil gehou . . .”

Iets pluk aan my hart. Wat sal dit wees? Dan sak ek langs hom neer.

„Kinta, hoe sal ek dan nou begin?”

Ek stroop 'n stukkie gras met my vingers af; proe die klammigheid daarvan aan my lippe.

„Miskien sal jy verstaan, sal jy begryp waarom ek voor die oorlog so gemaak het.

„Kinta, Pa wou dit nie doen nie. Pa wou nie tussen jou en Lindie gekom het nie, dit was so moeilik. Maar hoe kón ek anders?”

„Pa?”

„Lank voordat ek jou oorle ma ontmoet het, was ek met Anna Swarts getroud;” hy praat nou vinniger: „Van die begin af het ek geweet dat dit 'n verkeerde ding was. Ons sou nooit bymekaar kon aanpas nie. Daar was soveel moeilikhede, dinge wat ons huwelik op die rotse afgestuur het. Twee jaar later is ons toe weer geskei.”

Verbystering, ongeloof, alles frommel deur my brein.

Dan spoeg ek die fyngekoede grashalm uit.

„Hemel tog, Pa!” Byna beskuldigend.

Pa se oë vlam in die donker.

„Uit die huwelik was daar vir ons 'n dogtertjie gebore. Haar naam was Lindie . . . Lindie met wie jy twee jaar gelede wou trou!”

„Nee!” Ek steier orent.

„Hoekom het Pa my dan nie . . . dan nie . . . ?” Ek stik in my woorde.

„Maar Kinta, jy moet verstaan, begryp!” Hy veeg met sy hand oor sy mond, bewend.

Ek krimp terug op die boomstomp. Vou my hande oor my gesig en probeer dink. Vervlaks alles is dan duister, deurmekaar en laf.

Lank daarna.

„Paa, gits Pa, ek verstaan, verstaan dit nou!” 'n Klaarheid het oor my gekom; hier binne is alles skielik helder. Ek het dinge in 'n nuwe perspektief gesien. Pa s'n?

„Kom, Pa, kom ons gaan huis toe.”

Met my arms om sy skouers het ons saam geloop, al met die voetpad langs.

Hoog bokant het die na-nag soepel en skoon gehang.

SOUL:

Die Nuwe Vorm en Prosa

Wat tans oor die algemeen woordkuns genoem word, word soms, waar dit prosa geld, ook verhaalkuns genoem. Hierdie enigsins verouderde naam hang saam met die maatskaplike funksie van die woordkuns in die middeleeuse samelewing waar die skryf- en leeskuns beoefen was slegs deur 'n geringe aantal persone — klerke, administrasie-manne. Sowat 98 persent van die bevolking, laag en hoog, was analfabete, en weinig mense het hulle bekreun om hulle onvermoë om hulle naam te kon teken.

In hierdie Europese samelewing het die reisende kunstenaar 'n gans ander rol gespeel as in ons moderne, masjienbeskaafde kultuurlande. Hy het van hof tot hof geswerf, sy verhaalskat voorgedra aan konings, prinse en edelliede, maar ook op die markplein het hy opgetree tot vermaak en stigting van die burgery.

Sy woordkuns het duidelik die spore gedra van sy omstandighede. Hy moes sy verhale van buite leer, en om sy geheue te versterk is van musikale middele soos ritme en rym gebruik gemaak — die min of meer streng gebonde vers. Selfs die geskiedenis en die wetenskap is in hierdie vorm voorgedra. Die gemeenskap self het sy gedragsvoorskrifte ook in maat en rym aangeleer, sodat menige spreekwoord of spreekwoordelike uitdrukking tot vandag toe hulle ontstaan in 'n analfabetiese samelewing verraai.

Gaandeweg sien ons die toestand verander. Analfabetisme neem af en na mate Jan Alleman leer lees en skryf, en na dié mate neem die maatskaplike funksie van die kunstenaar af. Ook die houding teenoor die prosodiese middels van die taal word anders bejeën. Die mode en die drang na vernuwing speel natuurlik in elke tydvak 'n oorwegende rol, maar oor die algemeen kan mens sê dat, hoe nader aan ons eie tyd, hoe sterker die opstand teen die strenge gebondenheid van die woordkuns.

Ook in Afrikaans, veral in ons verskuns, word alle kragte ingespan om die woord so te gebruik dat die musikale bestanddele daarvan eintlik bysaak word, terwyl die begripsinhoud, maar veral die vermoë om 'n beeld of voorstelling voor die gees te roep of die evokasiekrag sterk op die voorgrond tree.

Hiermee bereik ons 'n uiters prikkelende toedrag van sake wat veral in die poësie lei tot 'n uiterste verval van

die gebonde versvorm en die ontstaan van die sogenoemde *poësie puur*. Die verval van die gebondenheid kan ons merk aan die verwaarlosing van die rym, assonansie en alliterasie, en dan die uitwerking wat dit het op die versreel. 'n Versreel wat uit 'n enkele eenlettergrepige woord bestaan, is geen besonderheid meer in die moderne poësie nie. Die lengte van die versreel kan op grillige wyse afwissel binne die raamwerk van dieselfde gedig. *Poësie puur* loop andersyds daarop uit dat ons gedigte kry wat enkel uit klanke en groepe klanke bestaan, waar daar geen begripsinhoud meer is nie, maar slegs evokasie. Daarmee het ons natuurlik die grense van die woordkuns oorskry, en sülke „gedigte” is nie 'n deel van die poësie nie omdat hulle geen redelike inhoud het nie.

Baie van hierdie verwickelinge is besonder waardevol vir die gesonde bloei van die woordkuns, maar alle nuwighede is nie altyd aan te prys as aanwins nie. Iets is nie goed net omdat dit bestempel moet word as 'n eksperiment nie.

Opvallend is dat die digters feitlik uitsluitend betrokke was by hierdie soek na vernuwing van die vorm. Kunsprosa is vir sy uitwerking afhanklik van ander bestanddele. En dis ook veral die digters wat in die nuwe tyd gaan besef het dat digkuns geen verhaalkuns of praatkuns of hoor-kuns meer is nie, maar leeskuns. Hulle het gou besef dat die menslike stem in die nuwe kuns minder te sê het as voorheen, en dat die oog 'n magtige bondgenoot kan wees, veral in die stryd om die enkele woord in die sinsverband af te sonder sodat hy sy volle betekenisinhoud en beeldingskrag aan ons kan prysgee.

Baie van hierdie dinge besef mens eers as dit gesien word in werklike voorbeelde. Om dié rede wil ek twee minder bekende Afrikaanse gedigte en twee minder bekende stukke Afrikaanse prosa vir nadere betragting voorhou.

Die eerste gedig is:

Nag.

Dis nag —
nag
in die donker
onbetreë dieptes
van die eeue-oue
bergwoud.

'n Misreëntjie
sif saggies neer
op die see

van blare bo
en groot druppels begin vergaar
rol
een vir een
af
en val
met 'n dowwe
plof
op die dak van my tentjie
of spat
sissend
in die kampvuurtjie daarvoor.

Met rukkies
en stootjies
kom die reënvlae sterker neer
en maak 'n dowwe
gesuis
soos
veraf winde
om dan plotseling
weer op te hou
en plaas te maak vir 'n doodse stilte
asof elke blaartjie
in die donker
luister.

Die stroompies
wat langs ontelbare stamme
en gekrulde ranke afloop
begin sterker word;
en weldra dans die droë blare
hier in die diep
renosterpaadjie
af en dwarsdeur die tentjie.

Die vuurtjie vergaan
in stoom.

In hierdie gedig — 'n juweeltjie van die moderne, glansende, vaartbelynde tegniek — is soveel kenmerke van die nuwe woordkuns saamgepak, alles toegespits op die sentrale gedagte van nagtelike eensaamheid en stilte in die onheilspellende oerwoud, dat die geheel 'n seldsame feesdis word vir die fynproewer. Dit lê voor die hand om na die herhaling van *nag* in die tweede versreel te verwys en die nadruklike

uitwerking wat dit het. Let verder op die beklemmende van *donker* en *onbetreë* namekaar. Besonder effektief is die klinkerspel in die eerste vyf reëls: *nag-donker-onbetreë-ecu! ou-ou — a-ô-cu-ou.*

In die volgende gedeelte vanaf *misreëntjie* tot by *daarvoor* word hierdie wisselende spel met die klinkers voortgesit en besonder beeldend is die reëngeluide in die bos: *misreëntjie-sif-saggies-neer — i-ee-i-a-ee*; dis 'n ligte reent, daarom oorweeg die ligter, d.w.s. geslote voorklinkers; die *ee* word voortgesit in *see-cen-cen*, en die *a* in *van-blare-vergaar-af-val-dak-spat-kampvuurtjie-daarvoor*; die geheel word afgewissel en versomber deur *o-oo* in *bo-groot-rol-dowwe-plof-daarvoor*. Nuut is in hierdie gedeelte die spel met medeklinkers: *r-s-f-g —* almal durende skuurders wat help om die beeld van 'n reënnag sonder donderweer op te roep: *mis-reën-sif-saggies-neer*; dieselfde uitwerking het die herhaalde *s-f*-klanke: *mis-sif-af-val-plof-spat-sissend*. Luister na die betowering van die klankspel in *druppels-val-dowwe-plof*.

In die derde onderdeel vanaf *met rukkies* tot by *luister* kry ons al die genoemde kenmerke weer terug: herhaling van klanke wat 'n evokatiewe werking het op die verbeelding van die leser. Let op die versterking van die *s*-klanke in *gesuis-soos* deur hulle alleen in versreels te plaas waardeer daar geen assimilasië van esse in die middel plaasvind nie. Besonder treffend is *luister*, wat die deel afsluit. Met sy lang tweeklank, sy *s*, *r* en *l* is hierdie woord onvergangebaar in die gedig, of soos dit heet: dit het geen sinoniem nie.

In die slotdeel van die *stroompies* tot by *stoom* moet slegs besonders nadruk gelê word op die herhaalde *d* in *weldra dans die droë*; dis 'n ploffer wat aan die versreel 'n sterk ritmiese beweging verleen om die beweging van die blare te versinnebeeld of waarneembaar te maak vir die sintuie. Let ook op hoe die ligte, geslote *ie* in *hier-die-diep* staan teenoor die oop, swaar klinkers in die voorafgaande reel: *weldra-dans-droë-blare*, waardeur daar klanknuansering verkry word. Deur *die vuurtjie vergaan* met sy evokatiewe *v* alleen in 'n reel te plaas, val die nadruk besonder sterk op die *vergaan* wat aan die slot van die reel in 'n bevoorregte posisie verkeer. Na 'n kort pouse, wat die betekenis van die *vergaan* laat insink, kom ons dan eers by die inperkende *stoom*, wat hierdeur ook meer aandag ontvang met sy suggestiewe *s-m*. Deurdat die gedig juis op *stoom* eindig — 'n uiters bevoorregte posisie as heksluiters van die gedig — word dié opgehoopde werking van die geheel mooi saamgevat om ons te laat voel: daar is niks in die nag nie,

dis eensaam, onheilspellend eensaam in die sagte, aanhoudende reën wat vol geluide is.

As geheel word ons getref deur 'n ingetoënheid van ritmiese beweging, alhoewel onderdele tog sterk ritmies is en daarom groter evokatiewe krag het. Wat verder opval is die evokatiewe aanwending van woord en klank en ritme, die gebruik van onvervangbare woorde, die distansiëring van woorde wat saamhoort maar wat 'n groter krag kry deur hulle telkens geskei elkeen apart in sy eie versreël te gebruik. Deur al hierdie moderne middels aan te wend skeep die digter 'n gedig wat vonkel van suggestiwiteit waar dit 'n beeld voor ons optower van eensaamheid, verlatenheid, onheilspellendheid en 'n intensiewe lewe van geluide.

'n Juweel is dit, en tog is dit vreemd dat hierdie gedig heeltemal onbekend gebly het in Afrikaans.

Ons tweede voorbeeld is ook 'n onbekende gedig:

See op die rotse.

O,
nêrens
soos hier
is die water 'n beeld
van krag —
dronk,
mal van pret,
van selfbewuste,
weelderige oordaad,
homself oortreffend,
oorrollend,
oorbotsend
in aksiebegeerte teen hindernis,
swelgend in oordaad
van allesoorwalpende aanstorming,
melkweit
oorsop-pend die rotse
se skulpskurfte,
swoep!
opdoef-fend (LW.: f-f)
teen blinde klip,
op-pluimend
uitspat-tend
in 'n wolk
van skuim
wat bo in puntjies uitpyl
en windverwaaid
neerswiets

in die siedende karning

omlaag:
na aanstorming
waggelwild
wegvallend
elke keer,
in rotstregters
weggesuie
maar opgudsend weer
na halwe wegsakking
in altyd-durende dans
van strydlustige
durf
en ongeduld.

Wat dadelik opval is die buitengewone, selfs grillige rangskikking van die versreëls in drie dimensies, wat op sigself 'n middel is wat die kunstenaar aanwend om die oog van die leser as ekstra sintuig te betrek by die poging om 'n beeld van onrus te skep. Hierdie drie-dimensionele plasing is wesenlike bestanddeel van die gedig en daarsonder verloor dit iets van sy evokatiewe krag.

Maar ons voel ook duidelik aan hoe die poging om die beeldende woordklanke in aparte reëls te isoleer en distansieer die sterk ritmiese beweging wat ons onderlangs voel klop, effens inperk — ruimskoots vergoed deur die uitwerking van die aanspraak op die oog. Hierdie inperking laat by sommige moderne digters in uiterste gevalle die gedig vervloei soos minder ritmiese prosa.

In teenstelling hierby, twee stukkies prosa wat baie min lesers seker sal eien, veral as ons die name van die skrywers verswyg. Die eerste stukkie het by sy verskyning, 'n handjievol jare gelede, nogal heelwat beroering veroorsaak:

„Die vroue het hom eerste gewaar in die loom namiddag toe die arbeid klaar was — aan die stampblok, in die jong-groen landerye —, en hulle drie-drie, vier-vier, in dun rye met kruik en geel, wind-ligte kalbas op heup en skouer deur die stekerige gras rustig gestap het na die koel seekoegate om daar te drentel tot die bruin en laat skemering en die eerste sterre, met klam sand en sagter modder om die enkels, in die hand, om veel te lag en ure te praat, of skugterig soms een-een uit te waad deur die taai waterblomme, naak en blind . . .”

Hier val, benewens die uitgerektheid van die sin, die gedwonge woërdorde van die onderdeel op: „aan die stampblok, in die jong-groen landerye” — wat 'n omskry-

wing is van *arbeid*, asook die vertraging en verdeling van „met klam sand en sagter modder om die enkels, in die hand,” wat eintlik betrekking het op die vyfde aanvangswoord *hom*. Behalwe dat hierdie vermenging van die sinsdele die leser aandoen as lomp en hom dwing om skerper op te let en 'n bietjie te soek na die betekenisverband, het dit die uitwerking om die hoofwoord en sy nadere omskrywing van mekaar te distansieer sodat elkeen selfstandig meer aandag opeis. Geredelik moet ons erken dat so 'n manier van praat egter slegs kan uitloop op wanbegrip. Maar ons moet toegee: die woordkunstenaar kan alle middels van die taal aanwend om die leser te dwing om skerp en wakker op te let, of anders gevaarloop om die draad te verloor.

Ten slotte 'n stukkie prosa van 'n skrywer van wie die naam eweneens verswyg word, maar wat ook ten tye van sy verskyning heelwat aandag geniet het:

„Waar warrelwinde uit nagemels maal en waaireëns oor die see uitsak, verlig die magnesiumdraad van 'n weerligstraal 'n duikboot wat soos die aarde verdig uit die baaierd beweeg. En vóór die vloed van golwe hom raak, klap die staalluik toe, en hy kantel sy vinne en snoet skuins in die skuimende waters — duik met 'n borrelbaan langs kuwe en kante deur die rye vlugtende engelvisse tussen heup en heup van twee vastelande in; waterbui se geheimenisse bo die kopbeen en die gearste klok van matrose en ryke lankal vergaan . . .”

Hier, net soos in die moderne poësie, tref die evokatiewe woord ons: deur woordkeuse word die beeld van 'n reuse (wal)vis voor ons opgeroep sonder om dié woord ooit te noem.

Maar nou, vergelyk ons die twee stukke prosa met die voorafgaande twee gedigte, dan val dit op dat die woord se selfstandige begripsinhoud in die prosa eintlik in die sinsverband en in die geheel verdwyn. 'n Groot gedeelte van die verlies wat ons só kan konstateer, is ongetwyfeld daaraan toe te skryf dat die moderne woordkunstenaar, by name die digter, meer as waarvan hy bewus is, staat maak op die leser se oog, eerder as op sy oor, met die gevolg dat veel van wat ons in die moderne verskuns roem as „glansende vorm”, eintlik nie veel anders is as 'n handige geskipper met woorde nie, eintlik 'n geskipper met plasing.

As ons dit kan insien, het ons ver gevorder op die weg om te besef dat woordkuns vir 'n groot gedeelte eensoortig is — of die vorm daarvan nou al as poësie of as prosa bekend staan!

By Die Jongeres

Stilstaan kan mens beskou as net maar 'n ander vorm van doodgaan, want as jy lank genoeg rustig op een plek bly, vind jy naderhand uit dat al jou tydgenote en ook jou nakomelinge jou op die pad verbygesteek het en jy bly alleen agter met jou eie geselskap. So is dit dan ook gesteld met 'n volk se kultuur: kultuur is nooit stilstand nie, maar dis 'n nimmereindigende proses van verwikkeling: groei en versterf. Bestaande dinge verouder ongesiens en raak naderhand in onbruik bloot omdat dit ouderwets geword het, terwyl dit net so ongesiens vervang word deur nuwe dinge wat lankal aan die ontwikkel was.

Een van die belangrikste fasette van 'n volk se kultuur is sy letterkundige lewe. Ook hier geld dit: stilstand is onvrugbaarheid, dood. Vandaar dat ons in die werk van elke letterkundige van betekenis 'n voortdurende stryd aantref om vernuwing: vernuwing van stof, vernuwing van die vorm. Want 'n kunstenaar wat, by gebrek aan voortdurende vernuwing, nie meer aan die voerpunt staan van die skeppingslewe van sy volk nie, raak gaandeweg agter en uiteindelik het hy niks meer te sê aan sy tydgenote nie — wat beteken dat hy geestelik doodgegaan het. Vandaar dan ook dat skeppende kunstenaars so inspannend moet leef, intens moet leef, voortdurend moet soek na die diepste wortels van ons bestaan. Sodra hulle hiermee ophou, word hulle kuns slap, spanningloos, sonder „boodskap” en hulle raak vergeet. En juis omdat dit so inspannend is, juis omdat die branding op die voerpunt van die skeppingslinie so skerp is, en juis omdat ons maar almal van vleis en bloed is en daarom onderhewig aan die afslyting van vleis en bloed, juis om dié rede bly weinig skeppende kunstenaars ooit langer as 'n dekade of twee op die voerpunt.

Dit bring dan mee dat elke nuwe geslag van 'n volk sy eie kunstenaars moet oplewer. Die lewensomstandighede en lewensopvattinge verander snel van geslag tot geslag, en elke geslag het manne en vroue uit sy eie geledere nodig om te vertolk en vorm te gee aan wat in hulle geslag gis en woel. Sodoende gebeur dit dikwels dat, as 'n mens 'n handboek van 'n bepaalde volk se letterkunde betrag, vind jy 'n indeling: in strominge en *geslagte*.

In ons ouer stamlande gebeur dit as doodgewone verskynsel dat groepe enersgestemde „jongeres” hulle „skaar” om

'n nuwe tydskrif wat deur hulle in die lewe geroep word, rumoerig daarin hulle kunsopvattinge en ideale verkondig, om dan later — by gebrek aan geld of lewenskrag, deur uitputting, of by die aanbreek van groter lewensrypheid — stil-stil hulle eie koers in te slaan of te swyg. Op hierdie manier is daar altyd gisting, woeling, vernuwing. Die afslyting van die aantal ouer kunstenaars word dan deurentyd vergoed deur die verskyning van jongeres. Dis normaal. Dis gesond. Dis goed.

By ons is toestande enigsins anders as in ons stamlande. Die verspreidheid van die bevolking oor 'n groot grondgebied, verkeersmoelikhede, en allerlei ander faktore soos die gebrek aan 'n stewige letterkundige tradisie, die jonkheid van die land as bewuste kultuurland en die daarmee gepaard gaande gebrek aan ervaring van tydskrifte-maak, loop daarop uit dat nuwe tydskrifte, as mondstukke van tydgenootlike enersvoelende jongmense, rariteite is in ons letterkundige lewe.

Tog moet daar van ons jongeres wees in die hoogste klas op skool, aan ons universiteite, of iewers verlore in 'n werkkring in 'n dorpie of op 'n plaas wat 'n drang het om in woorde uitdrukking te gee aan wat in hulle gees woel. Maar hulle swyg omdat hulle bedeesd of bang is; hulle moet die aanmoediging van opstandige vriende soos hulle self ontbeer; hulle ken nie die prikkeling tot daad wat opgeslote lê in die geesdriftige gesprekke met maats nie. Later stomp die drang af, en die geestelike lewe van die jongmense verslap heeltemaal. Soms sal hulle nog vaagweg wonder wat moontlik agter die maan kan skuil, of wat 'n mens sal vind as jy die verste ster verby is. Dis egter net 'n vae gevoel en die begeerte om dieper daarop in te gaan en om oor te gaan tot die skep van woordkuns waarin al die dinge vasgelê word, bestaan nie meer nie.

Om hierdie rede het die Redaksie van die Tydskrif dit goedgevind om, vanaf afliewering 3 (September) van die huidige jaargang, gereeld enkele bladsye te wy aan die digproewe van die jonger geslag en ons sal dit noem **BY DIE JONGERES**.

Ons gaan die eise hoog stel. Rympies oor die alfabet, 'n aardrykskundeles in metriese vorm, soetsappige versugtinge oor die maan — dit alles sal ons weier. Want kyk, die Tydskrif gaan beslis 'n tydskrif vir volwassenes bly. Om daardie rede vra ons slegs dat die jongeres eerlik en na die beste van hulle vormkrag uiting sal gee aan wat kenmerkend moet woel in die gees van die jongmense: sy verlangens, sy angste, sy begeertes, sy vreugde en leed, sy

liefdeslewe, sy godsdienstige ervaring en bewuswording, sy binnelewe betreffende die doel en betekenis van die aardse bestaan — ja, al die honderd-en-een dinge wat van die jongmens is: erns en luim.

Want kyk, leer die Groot Boek ons nie: Toe ek 'n kind was . . . ?

Later, miskien gouer as wat ons verwag of as wat hulle dit self vermoed, sal die jongeres van vandag, wel ook „volwassenes” wees en hulle sal dan geroepe wees om die letterkundige lewe van hulle volk verder te voer. Vondels is daar ongetwyfeld nie baie nie — maar daar is tog nog heelwat goeie digters.

Waar ons die jongeres hiermee uitnoui om hulle digproewe vir keuring aan ons voor te lê, moet ons daarby waarsku dat dit nie moontlik sal wees om 'n briefwisseling oor ingesonde of geweierde werk aan te koop nie — bloot by gebrek aan tyd. Verder: as van 'n insender se gedigte nie opgeneem word nie, sal dit bloot net wees omdat dit, volgens ons oordeel, nog nie genoeg poësie is nie. Weiering moet dan dien tot prikkel om weer te probeer, en nie as aanleiding tot kwaai-vriendskap nie. Die Redaksie wil graag vriende maak, en sal nie met opset aan enige jongere probeer anstoot gee nie.

Hier is nou 'n geleentheid — en 'n uitdaging aan die jongeres!

. . . POEZIE EN IK

De verantwoordelijkheid van de dichter is bij mij dan ook gemakkelijk te omlijnen: het zo goed mogelijk doen. Of drastischer uitgedrukt: ziehzelf zo mogelijk overtreffen.

Daarom is mijn dichterschap een falend dichterschap. Daarom is elk van mijn gedichten voor mij een mislukking. De onmacht is inderdaad een inhaerent bestanddeel van mijn poëzie.

Daarbij schrijft ik altijd gedichten, nooit poëzie. Ik bedoel dat wat ik uitdruk en neerschrijf mij nooit bevredigt. Het gaat er bij mij dus niet om wat er staat, maar om wat er niet staat, om wat er ongeschreven te lezen staat: het ongesproken woord. Het suggestievermogen van het woord verleent juist het gedicht de nodige trefkracht om van poëzie te gewagen en van poëtische geladenheid.

Maurice Trippas in: Zuiderkruis, Jrg. III/1 (1953) bl. 1.

Briefwisseling:

„Tot Lof Der Sotheid”

Meneer Jac. J. Brits skryf:

Geagte Redaksie,—Dis nou maar eenmaal ’n kenmerk van die mens dat hy, as hy nie met ’n stelling akkoord gaan nie, sy misnoeë in sarkasme of ironie te kenne gee. Of erger nog, oor te gaan tot sinisme. Só ’n houding word dan so gereeld soos klokslag as spitsvondigheid gereken en die man as ’n satirikus of humoris beskou.

Ek verwys na die artikel „Tot lof der Sotheid” in u jongste uitgawe, Jaargang 8 nr. 1.

Na die herlees van die artikel (ek het dit werklik meer as eenmaal gelees) moes ek myself afvra wat dit alles beduie. Sy metaforiese voorstelling van die ontstaan van ’n kunswerk begin heel goed, maar dan leer ons skielik dat die skrywer die digter as ’n soort geestelike minderjarige beskou. Of erger nog, as ek sy houding goed begryp, ’n jeugmisdadiger wat dronk word van ’n bietjie eie leed en dan „sommer raserig bedrywig word op die werf.” Nou, sê die skrywer, is jy ’n digter — omdat jy nie weet waarvan jy praat nie. (Vir hom bestaan daar blykbaar net een soort digter en dis die „duister digter” — wat dit ook al beteken). Maar die lewe gaan voort en jou jeugdige dwaasheid en onbesonnenheid gaan verby. En nadat jy jou onvolwassenheid ontgroeï en mondig geword het (soos ’n vat wyn), sê jy vaarwel aan die impuls om van pure dronkverdriet te sing. Jy is nou ’n man en is klaar met die dinge van ’n kind! En om dié eenvoudige rede skryf jy nou romans, want nou ken jy die Lewe in al sy skakeringe van wel en wee. (sic!)

Ek is seker maar net te dom om die logika hiervan in te sien.

Die enigste moontlikheid wat daar bestaan, is dat die digter, nadat hy die lewe in al sy volheid leer ken het, hom tot die versdrama sal wend — ’n seker teken van geestelike groei en „besinning”. Dis nie blote toeval dat ons grootste digters — Van Wyk Louw, Leipoldt en Opperman, hulle aan die drama gewaag het nie. Dit was ’n noodwendigheid! Die wêreldletterkunde is vol hiervan.

Aangesien die skrywer so „moedswillig” was om te vra waarom digters soms prosa skryf en prosaïste hulle soms aan ’n gedig waag, vind ek dit nodig om te konstateer dat geen mens ’n volslae konstante persoonlikheid besit nie.

(Mens kan net sowel vra waarom 'n man soms sjerrie drink en ander kere brandewyn verkies). Minste van almal die kunstenaar wat gedurig geslinger word tussen die eindpole van emosies en uitinge. *Wat* hy skryf is tog seker van minder belang. Al wat van belang is, is *hoe* hy hom uitdruk. Lees maar weer *Somer* van Van den Heever. Die oorheersende element daarin is die digterlike siening — 'n bewys dat Van den Heever in wese digter was. Sy prosa-werk het, myns insiens, slegs gedien tot uitbouing van sy taal- en kultuurgevoel. Maar my brief word te lank . . .

Ten slotte: Van wanneer af is dit moontlik om 'n digbundel met 'n roman as (L.W.) individuele skeppinge, te vergelyk? Tensy mens 'n gedig aan mos gelykstel en 'n roman as goeie wyn beskou . . .

Op hierdie brief antwoord Soul soos volg:

Geagte Redaksie,

Mnr. Brits jaag sommer 'n hele aantal van sy eie springhase in my koolbedding. Al wat ek met my artikel bedoel het, was om medelesers te prikkel om weer te dink oor die sake van die skeppingslewe waaroor daar by ons so 'n doodse stilte is asof alles wat daarmee saamhang daghelder en 'n uitgemaakte saak is. Oor die dinge van die gees, die menslike gees, kan ons maar tot in die oneindige bly speur en gis: die volle waarheid sal geeneen van ons ooit besit nie. Nou het dit my getref dat die meeste denkers, wat met stelligheid beweer dat hulle die skeppingsproses van 'n kunswerk en die siel van die skeppende kunstenaar begryp, hulle lig probeer opsteek by die aanleg van die kunstenaar en dit vasknoop aan die toevallige uitwendige vorm van die kunswerk. Daarteenoor het ek die vraag gestel: Lê die verskil in uitwendige vorm nie in die aard van die skeppingsproses self nie? Is daar 'n essensiële of wesenlike verskil tussen die poëtiese bestanddeel van 'n gedig, 'n drama of 'n roman?

As die manier waarop ek my gedagtes oor die saak uitgedruk het vir mnr. Brits geprikkel het om in die toekoms sy eie gedagtes oor hierdie vraagstukke vir ons uiteen te sit sodat ons daarvoor kan nadink, dan het ek my doel ten volle bereik, en ek is gewillig om skerp tereg-wysings daarvoor te verduur, want — siet u — my volle naam is eintlik:

Soul onder die Profete.

Boekbesprekings

W. E. G. LOUW: OU WYN VAN VREUGDE. (Balkema, 15/-).

As 'n mens hierdie keurige uitgawe ter hand neem, begin jy lees met allerlei verwagtinge. En by die end-uit lees kom jy tot twee gevolgtrekkings: jou letterkundige insig is onteenseglik verryk en verdiep, jou kritiese gevoel verskerp, alles in 'n volheid van taal en beeld en in 'n betoogstyl wat nie alleen rustig, geordend en penetrerend is nie maar blyke gee dat 'n kritikus hier te lande tog nog taktvol en nie-kwetsend kan skryf.

Maar jy voel ook dat jy, as leser, eintlik 'n bietjie afgeskeep is. Jy wou nog meer van die „ou wyn” met vreugde geproe het. „Die verskuns van Totius” bevat bv. geen bespreking van *Skemering* nie — anders sou dit 'n bykans volledige, depresiatief herwaardeerde beeld van dié digter verskaf het. Aan Leipoldt word drie uit die ses hoofstukke gewy, maar aan Eugène Marais — buiten kritiek op Du Toit se monografie — feitlik niks; en aan Jan Celliers absoluut niks. 'n Gulde geleentheid om 'n verteenwoordigende werk oor ons baanbrekerdigters in 'n oorsigteliker perspektief beskikbaar te stel, is cnbenut gelaat. Bowendien het al ses opstelle, wat reeds grootliks die stempel van geleentheidstukke dra, vroeër verskyn, sodat dit die ernstige letterkunde student hoogstens die vreugde van hernieuwe kennismaking gun en hom die moeite van samebundeling uit sy eie plakboek bespaar.

As ons dié tekortkominge

wegdink, bly daar baie oor om voor dankbaar te wees. Die noodsaak van periodieke herwaardeering — iets wat blykbaar in die Nederlandse letterkunde verwaarloos is — word nog eens helder uiteengesit en bepleit, trouens, die opstelle staan self in die teken daarvan. Orals voel ons ook hoe dié werk die besonke, stilisties-verantwoorde neerslag geword het van die skrywer se ervaring as akademikus en digter. Die *probleme* wat die poësie vir sowel die skepper as kritikus oplewer, kom veral onder die soeklig. Hierin lê vir my die boek se grootste, sy opvoedkundige waarde: dat die student aan die hand van 'n aantal bekende digters getoon word hoe 'n letterkundige bespreking self 'n kunswerk kan word; dat waardebeplanning allereers gefundeerde kennis en daarna onbevooroordeelde insig verg; dat die gebreke van 'n proefskrif ongenadiglik dog sonder om te kwets aan die kaak gestel kan word (hoofstuk VI) as vingerwysing vir eie moontlike probeerslae. Graag volstaan ek met een uitspraak (bl. 107) wat elke student wat 'n proefskrif aanpak, ter harte kan neem:

„Die eerste en vernaamste vereiste vir iemand wat hom met die literatuur wil besig hou, lyk my die vermoë om esteties juis te oordeel, nie soseer die vermoë om die skoonheid in abstraksie te kan formuleer nie — soos wysgerige skrywers oor die kuns doen — maar wel om dit ter plaatse, in elke besondere uiting intuïtief te kan herken. Hierdie herken-

ning van die skoonheid en die gawe om die persoonlike ervaring daarvan skerp en afdoende onder woorde te bring, moet die grondslag van elke kritiese werksaamheid wees. Geen opeenstapeling van feite en geen beroep op 'wetenskaplikheid' kan ooit die gebrek aan hierdie vermoë vergoed nie."

JAN KROMHOUT

BESTANDEEL VAN DIE AFRIKAANSE LETTERKUNDE?

Die vraag is al telkemale gestel: Waar begin die Afrikaanse letterkunde? Die antwoorde wat op hierdie vraag gegee is, verskil na gelang die beoordelaar se uitgangspunt wissel. Diegenes wat die kulturele maatstaf aanwend om tot 'n oplossing te geraak, wys daarop dat 'n kultuur 'n reëlmatige, historiese voortsetting is van iets uit die verlede; dit is nie konstant nie, maar vertoon verskillende tydperke. Solank as die volk, wat die draer is van die kultuur, bestaan, bly ons egter praat van daardie volk se kultuur, byv.: die Nederlandse kultuur kan ons deur die middeleeue heen aanwys tot in ons eie tyd; die Engelse en Duitse kulture kan ons deur die ou- en middelydperke heen sien ontplooi tot in die nuwe of moderne tydperk. Letterkunde is te beskou as een van die fasette van 'n volk se kultuur. Histories word 'n volk se letterkunde dan ook ingedeel volgens die groot kultuurtydperke: Middel-nederlands, Nuwe Nederlands; Ou- en Middelen-gels en Nuwe Engels; Ou- en Middelduits en Nuwe Duits; die Renaissance-letterkunde; Elizabethaanse drama, ens. Heel dikwels val die letterkundige tydvak saam met opvallende veranderinge in die taalvorm. Die essensiële is hier egter dat ons

te doen het met dieselfde volk, dieselfde kultuur, dieselfde taal, heel dikwels dieselfde kultuur-landskap; al wat verander is die tyd.

Voorstanders van hierdie opvatting sê dan dood natuurlik dat die Afrikaanse letterkunde sy begin het in Middelnederlands en dat dit verder verloop oor die 17e eeu heen en langs die hele ry Nederlandse geskrifte af wat met die verloop van tyd in Suid-Afrika geskryf is, totdat die Nederlandse taalvorm hier te lande so gewysig is dat ons dit later Afrikaans gaan noem het en nie meer Hollands nie. En wanneer ons die tydperk betree waarin ons letterkunde vanselfsprekend deur die nuwe stadium van die taalontwikkeling gedra word, bestaan daar geen twyfel meer nie: 'n letterkundige werk in Afrikaans, behoort tot die Afrikaanse letterkunde.

Teenstanders van hierdie opvatting wys daarop dat die draers van die Afrikaanse kultuur slegs maar ten dele 'n historiese voortsetting is van die „Hollandse" volk: aan die Kaap het belangrike ander bevolkingsbestanddele in dié groep opgegaan. Ook die kultuurlandskap is nie meer dieselfde nie, dis selfs meer as sesduisend myl van die oorspronklike haard af verwyder en die kultuurwinde wat daardeur waai kom uit ander oorde as die van die stamlande. Sodoende vertoon die kultuur en die taal waarin dit gedra word, bestanddele wat nuut is en vreemd aan die oorspronklike stamland — ook vreemd in dié sin dat dit te herlei is tot die taal en kultuur van volke waarmee in die nuwe kultuurlandskap aanraking gemaak is. Daar word nou aangevoer dat die Afrikaanse

letterkunde vanselfsprekend dan eers 'n aanvang neem wanneer die „nuwe” „Afrikaanse” kultuur gedra word deur die „Afrikaanse” volk in hulle eie taal: Afrikaans.

Vir albei standpunte is daar dus gewigtige steun aan te voer. Dis egter opvallend dat albei groepe heelwat nadruk laat val op die betekenis van die taal (vorm) as indelingsmaatstaf.

Afgesien van hierdie prikkelende ontstaansvraagstuk wat betref die aanvangspunt van die Afrikaanse letterkunde, duik daar nou 'n nuwe vraagstuk op wanneer ons die grenslyne wil gaan vasstel van die Afrikaanse letterkunde. Op die oog af is dit eintlik 'n bietjie dwaas om 'n probleem te gaan soek waar daar nie een is of behoort te wees nie. Tog is dit nie altyd so eenvoudig nie en ons maatstawwe is nie altyd ewe deursigtig nie. Suid-Afrika is 'n veelrassige kultuurland, al erken ons slegs twee ampstale: Afrikaans en Engels (albei Germaanse tale). Twee landstale vir 'n veelheid van bevolkingsbestanddele bring mee dat persone, wie se gevoelstaal geeneen van die twee tale is nie, tog in Afrikaans of Engels gaan skryf om 'n bepaalde (groter of anderssoortige) lesersgemeenskap te bereik: lede van die Kaapse Kleurlinggemeenskap of Bantoes skryf romans of digbundels in Afrikaans. Moet sulke letterkundige werke nou beskou word as „Afrikaanse letterkunde,” dan wel as „Bantoe letterkunde” in Afrikaans of „Kleurling letterkunde” in Afrikaans?

Moet ons by die beantwoording van hierdie vraag gaan let op die rassegroep van die skrywer, sy volkskultuur, die houding wat hy inneem teenoor die Afrikaanse

kultuur in vergelyking met sy houding teenoor sy eie kultuur? Moet ons daarby waarde heg aan die vraag of die skrywer in Suidwes, die Unie, Swasiland, Basoetoland of in Ghana woon? Of moet ons bloot maar let op die taal? 'n Spotvoël het die vraag só geformuleer: As 'n kat in 'n bak-oond kleintjies kry, het ons dan katte of brode?

Ons kan meer lig op ons vraagstuk werp as ons vanselfsprekende voorbeelde uit ander letterkundes byhaal. As Conrad, 'n Rus, in Engels skryf, is dit dan Engelse letterkunde wat hy skep of Russiese letterkunde in Engels? Die hele letterkundige wêreld stem saam dat Conrad 'n Engelse letterkundige is. Die taalvorm gee deurslag. Wanneer Kipling se verhale in Indië afspeel, is dit nog Engelse letterkunde omdat dit die taalvorm is wat hy aanwend. Om dieselfde rede is die romans van Scharfen en Antink Nederlands al is die verhale oor Italië. Niemand sal twyfel waar om Sangiro se *Leeufamilie* in te deel of Mikro se *Toiings*. Smith se *The Beadle* en Lighton se *Out of the Strong* is onteenseglik Engelse letterkunde, alhoewel die inhoud daarvan, die hele gees en strekking, die hele kultuurvorm net so onteenseglik Afrikaans is en as jy dit in sou vertaal in Afrikaans, sou mens dadelik sê: dis die taal waarin dit eintlik geskryf moes gewees het. Feit bly egter dat dit Engelse letterkunde is. Van Melle het twee boeke geskryf: *Bart Nel*, naas *En Ek is nog HY*, waarvan die inhoud eners is; maar die en behoort aan die Nederlandse letterkunde, die ander aan die Afrikaanse. Grimm se *Die Olwagenaars Saga* is deel van die Duitse

letterkunde, alhoewel die Afrikaanse vertaling daarvan aantoon hoe ook hierdie werk 'n natuurlike tuiste sou kon gevind het in die Afrikaanse letterkunde.

Deurslaggewende maatstaf in al hierdie gevalle is dus die taalvorm.

As Mikro oor die Kleurlinge skryf, is dit nog Afrikaanse letterkunde, ook al praat die Kleurlinge Afrikaans en ook al dra die Kleurlinge 'n gewysigde vorm van die Afrikaanse kultuur. Hoe die Kleurlinge reageer op Mikro se kuns het wesenlik ook niks te make met die hele vraagstuk nie: sy Kleurlingromans bly onafskeibaar deel van die Afrikaanse letterkunde. Om dieselfde rede is G. H. Franz se romans Afrikaanse romans, in gelyke mate as die romans van Arthur Fula.

Maar by Mikro, Franz en Fula tree 'n nuwe gesigspunt op die voorgrond — maar veral by Fula: leesstof in Afrikaans vir die verskeie nie-blanke groepe. Dit is so dat derduisende moontlike nie-blanke lesers vervreem word van die Afrikaanse boek juis omdat die gemiddelde Afrikaanse skrywer selde by die keuse van sy tema, sy karakters in sy taal bewus is van 'n moontlikheid dat hy op die een of ander subtiële wyse aanstoot mag gee. Eintlik is dit meer 'n onbedagsaamheid wat aan die dag gelê word as 'n bewuste poging tot kleinering, geringskating of agterstelling. Ons vergeet al te maklik dat rasseverhoudings soos die befaamde kruidjie-roer-my-niet is: by die geringste aanraking, sluit die plant al sy blare. Daar is niemand so bedag op 'n moontlike belediging as juis diegene wat beskou was as die minste in die samelewing en by wie 'n gevoel

van eiewaarde besig is om te ontwikkel nie. Afrikaners besef hierdie beswaar maar al te geredelik, juis omdat ons ook opsetlike moedswilligheid aan ons eie lyf ervaar het en nog daaglik ervaar. Maar ek is daar ewe oortuig van dat, sodra ons Afrikaanse skrywers eers bewus geword het van die besware wat geopper word deur die nie-blanke lesers, alle sweem van bewuste kleinering in die keuse van tema en in die taalgebruik geweer sal word. Dit is wel so dat die Afrikaanse letterkunde eerstens gerig word tot Afrikaners, maar dit is ook so dat die geskrewe woord die onvervreembare besit is van enigeen wat dit kan lees. Om nousienend te let op die vermyding van neerhalende taalgebruik en ander bestanddele wat vervreemding kan veroorsaak ten opsigte van die Afrikaanse letterkunde, is een van die pryse wat ons te betaal het omdat ons in 'n land woon met veelsoortige volkskulture naas- en deurmekaar.

Dit sluit egter meer in. Dit beteken ook dat ons alle bydraes tot die Afrikaanse letterkunde moet bejeen as volwaardige bestanddeel van ons letterkunde. En onbevooroordeelde aanvaarding beteken verder ook dat elke bydrae gemeet moet word met 'n onbevange maatstaf. Ons moet alle bydraes tot die Afrikaanse letterkunde benader asof die skrywers daarvan anoniem is. Slegs die kunswerk moet benader en betrag word, nie die volksgroep van die skrywer nie.

Dit beteken dan ook dat ons byvoorbeeld Fula se romans moet onderwerp aan dieselfde strenge keuring as die romans van Malherbe, De Klerk of Venter.

As ons in hierdie gees Fula se

jongste roman, *Met Erbarming O Here* (Afrikaanse Pers Beperk, 1957) benader, is daar letterkundig 'n hele aantal verdienstelike hede wat geroem moet word: die dood nugtere manier waarop die verhaal openbaar word deur die karakters self; die afwesigheid van 'n gedwonge poging om 'n verhaal te skep met allerlei kunstmatige spanningselemente, maar in pleks daarvan die nabeelding van 'n stuk lewe uit die bestaan van die stedelike Bantoe; die hoë idealisme wat die klaarblyklike dryfveer van die skrywer is. Mens herken in die werk van Fula 'n dubbelganger van die Afrikaanse roman van so 'n kwarteeu gelede wat betref die verborge geestelike bronne waaruit dit spruit. Vergelyk mens dit met die skrywer se eersteling, *Johannie giet die Beeld*, dan is daar 'n duidelike vooruitgang te bespeur, nie net wat betref die geredeliker vaardigheid met die woord nie, maar veral om die groter ongestremdheid, die natuurliker toon waarin alles uitgebeeld word. Plek-plek slaan die opsetlike propaganda te erg deur, maar om die groter gaafheid vergeet mens dit gou.

As kuns is dit verdienstelike werk en as sodanig word dit verwelkom. Om maatskaplike oorwegings is dit 'n werk wat eintlik gerig is tot die blanke leser om die Bantoe verstedeliktebestaan aan ons te toon. Vergelyk ons die suiwer literêre en die maatskaplike waardes, dan sou ek sê op hierdie stadium oorweeg die tweede waarde.

Juis in ons huidige tydsgewrig verdien Fula se tweede roman, *Met Erbarming O Here* 'n ruim leserskring.

ABEL COETZEE

JOB. HEIN DE BRUIN. Bosch & Keuning N.V., Baarn. 1954.

Dit word algemeen aanvaar dat Job, een van die boeke van die Bybel, beide wat vorm en inhoud betref, tot die verhewenste oorblyfsels van die ou Hebreuse letterkunde behoort. Dis nie 'n geskiedenis nie, maar 'n leerdig wat uit samesprake met 'n dramatiese gang bestaan. In die geskryf word die ou-Israelitiese leer bestry dat die lyding van die mens op aarde 'n straf is vir sy oortredinge; daarbenewens lewer dit ook 'n verklaring van die stelling dat God selfs die vromes met rampe besoek en dat hulle daarin geen rede mag vind om teen God in opstand te kom of Sy wysheid en regverdigheid te betwyfel, selfs al kan hulle die bedoelinge van die Opperwese nie duidelik deurgrond nie.

Om hierdie opvattings aanskoulik voor te stel, vertel die digter hoe die een ramp na die ander vir Job tref, totdat hy, na die verlies van sy goed en kinders, met 'n afsigtelike siekte geslaan word. Uiteindelik kan selfs die geduldige Job sy laste nie meer dra nie en dan kla hy oor sy onregverdige lot. Drie vriende, voorstanders van die ou vergeldingsgeloof, besoek hom en probeer hom oortuig dat hy regverdige straf ondergaan vir sy vroeëre sondes. Maar seëvierend handhaaf Job sy onskuld en al is hy ook aan die begin twyfelmoedig oor die regverdigheid van die Allerhoogste, kom hy tot die besef dat die raadsbesluite van God ondeurgrondelik is. God tree self sprekend na vore en in verhewe taal plaas Hy Sy onmeetlike, wêreldbesturende wysheid teenoor die beperktheid van die mens. Op dié wyse laat Hy die dwaas-

heid van die mens duidelik blyk wat met Hom in die gerig wil tree. Na Job se erkenning van sy voormalige hoogmoed word hy deur God weer in ere herstel.

Die hele stuk is groots van konsepsie en uitvoering en dit bevat 'n skat van digterlike skoonhede en treffende uitsprake. Hier munt veral uit die skilderinge van God se Mag en Wysheid soos dit in die skepping geopenbaar word.

Dis interessant om daarop te let dat, volgens deskundiges, die hoofstukke 32-38 deur 'n ander digter ingevoeg is en dat dit sowel in vorm as inhoud van die orige afwyk en die verband van die geheel benadeel.

Hierdie ryk en verhewe stof is deur die digter Hein de Bruin met groot welslae in 'n reeks aaneenskakelende verse wat saam 'n pragtige eenheid vorm, verwerk. Om die dramatiese gebeure duideliker op die voorgrond te dring, voer hy eers 'n paar knegte ten tonele om die toestand van Job te bespreek. Een van hulle, die *Dromer*, kan ons as die digter, die geïnspireerde bestempel wat goddelike visioene sien en die gebeure vir ons interpreteer. Eers vertel hy van die samespraak tussen God en Satan en hoe God Job aan die bose uitlewer. Vervolgens rapporteer vier boodskappers die verskriklike rampe wat Job getref het. In 'n alleenspraak openbaar die *Dromer* sy visioene en sê o.a.

God weet, ik ben als knecht een
argloos man,
geen samensweerder, eer gelyk
een kind
dat's morgens met verwondering
begint
en niet gebonden is in enig
plan —,

doch soms met lichte ogen
onderkent:

dat God de wagen stuurt die
Satan ment.

Nadat 'n ooggetuie die toestand van Job blootgelê het, kom hy self aan die woord. Hy vervloek sy geboortedag en spreek sy doodsverlange uit. Elifaz vermaan hom om te let op God se wonderdade. Job moet die Allerhoogste dank vir die plaë wat hom tref, want hulle bevat 'n boodskap wat hy moet ontrafel. Job kom in verset. Die wysheid van sy vriende is 'n „siekte troos.” Hy wend hom tot God en roep uit:

O God verklaar — houd ik het
uit —

wat deze foltering beduidt . . .

Deur middel van tien spreuke berispe Bildad vir Job; dis slegs 'n dwaas wat so raas en kla:

Wanneer een man te gronde
gaat

bewyst dat zyn verdorven
staat . . .

Job kla dat God hom vergeet het. Die gesegde dat die dader sy regverdige deel ontvang, walg hom. En dan vra hy die betekenisvolle vraag:

Is God een blinde Macht die
heden scheidt

en 't morgen in dezelfde drift
verdelgt?

Sofar bestraf hom en sê dat hy vermetel is en ongehoorde taal spreek. Een ding is seker, Job word deur 'n kwaad beheers wat vir sy vriende verborge is maar nie vir God nie. Job beweer dat hy eerder by die diere kan gaan troos soek as by sy vriende. Heeltemal gebroke roep hy uit:

Alwetend God, Gy swygt, ter-
wyl de vrienden razen,
dat U die lastertaal niet opjaagt
tot verbazen . . .

En so om die beurt volg die bestraffing van sy vriende en die verweer van Job, totdat hy uiteindelik as gans verlatene slegs kan uitroep: „Ek weet dat my Verlosser leef!” Die vermanings van Bildad en Sofar word dan deur Elihu in skerper, snydender taal herhaal. Job se klagte is dwaas en lasterlik. Hy moet liewers God se Majesteit en Wondermag verheerlik met daad en woord . . . Maar dan tree God Self tussenbei en gee ’n beeld van Sy Almag en Alvermoë, sodat Job in ootmoed moet uitroep:

Myn God, Almagtig God, en
myn Bedwinger,
myn waarde slinkt, ik voel my
ál geringer,
beschaamd, en schuldig waar
ik U weerstond,
leg ik verbaasd de vinger op
myn mond.

Die digter Hein de Bruin weerlê in hierdie pragtige gedig die algemene opvatting dat Christelike stof nie tot louter skoonheid uitgebou kan word nie, dat poësie slegs verhewe en skoon is wanneer dit ’n vertolking is van die anti-Christelike, die verset teen die magte wat die menslike lot beheers. Miskien het hy met hierdie aangrypende stuk poësie die weg aangedui vir die toekoms — waar die poësie reeds op die kruispunt staan en ons in afwagting vra: waarheen nou?

S. C. HATTINGH

H. J. VERMAAS: DIE SWARTWITPENS. Nasionale Boekhandel, Kaapstad, 1957.

Weke aaneen trek die durftige jong jagter, Tjaart, deur die woeste koorswêreld agter sy bok aan: die pragtige swartwitpens wat hom van meet af aan vóór is, wat sy verbeelding aangryp en

hom uitdaag, slag op slag, ál verder, tot die jagter self byna aan die koors beswyk en sy perd gedaan is. Méér as dier is die swartwitpens vir hom: „die verpersoonliking van alles wat mooi en edel is . . . die versinnebeelding van die byna onmoontlike” (58). Maar deur die tog verander Tjaart se aandrif ook: dis geen begeerte meer om ’n „seëprys” los te slaan nie: dit word ’n verset teen eie swakheid, ’n noodsaak. En wanneer die bok eindelijk ook geskiet word, is dit geen triomf nie, maar ’n genadeskoot, om die dier van die wildehonde te red. In die jagter bly ’n wrangheid en ’n skryning oor: „Ek is jammer, ou maat, baie jammer. Dis my skuld. Ek het jou vernietig . . .” En as hy terugkeer, eindelijk, laat hy iets agter „wat voorheen bestaan het en verweef was in die wye stilte van die bos en die afsondering van die een-same nagte wat hom omsluit het” (118).

Dit is Vermaas se verhaal in *Die Swartwitpens*. Die tema is strak, die styl ook baie sober, met sommige heel mooi segginge: die kameelperdkoei du met haar neus haar „beduusde kalfie weg”; ’n patrys „pietersielie” sy môre-groet; bokkies wei op „dulsige” kweek; Orion is „die Groot Jagter, die oer-ou swerwer” ens.

En tog is daar heelwat onsuiwerhede. Lui taalgebruik stoot glad te veel clichés en retoriese frases na vore: die leeu „boet met sy lewe”; die geveg maak „’n onuitwisbare indruk” op hom; Lettie se beeld „verrys voor hom” — of erger nog: verskyn „voor sy geestesoog”; oor die veld staan die „hemelkoepel.” Erg didakties besluit Tjaart eens: „Hulle behoort ’n toevlugsoord vir wilde

diere te maak. In so 'n oord moet die jag verbied word" (101). Hier en daar kry 'n mens werklik 'n skoolopstel-indruk: „Dit begin hom nou ook hinder dat hy die koorsgebied so ver ingedring het. In werklikheid is hy somaar aan die soom, maar dit is diep genoeg om koors op te doen. Maar hy was nog nie weer by 'n rivier nie. Die koors is 'n riviersiekte, net waar die sieklike geel koorsbome groei. Sommige mense noem die siekte die bewekoors. Hy het nog nie koorsbome raakgeloop nie. Om die Komatirivier groei daar nie van die bome nie" (36).

Afgesien van stotterende sinne, hier en daar lomp sintaksis en ander oneffenhede, het veral die gang van die verhaal self my onbevredig gelaat. Ondanks die feit dat die agtervolging van die bok tog hoofsaak is, word daar in die eerste helfte van die boek gans te veel afgedwaai; as daar op 'n plek staan: „Maar dan onthou hy ineens die swartwitpensbok wat hy agtervolg" (69), tipeer dit die skrywer se eie houding. Op enkele uitsondering ná (té opsetlik bygenome natuurgebeure, aanvalle e.d.m.) is die tweede helfte hiervan vry te spreek; in die eerste is die beskrywing van môre en aand, en die baie reverieë dikwels maar net enumeratief, selde funksioneel, en meestal sonder *ontwikkeling* van atmosfeer en gedagte. Daarom ook, as gesê word dat Tjaart se insig „langsamerhand vir hom helder word" (104), voel die leser dat dit eintlik maar 'n late ontwikkeling is en inderdaad *nie* langsaam van meet af aan gegroei het nie. Onnodig is bv. ook die temerige herhaling van Bybelles en gebed smôrens en saans: dis nooit *nodig* nie. Die één keer

wanneer dit spruit uit Tjaart se innerlike onsekerheid en aandrift (114-5) is dit pragtig oortuigend.

Die liefdesmotief verleen groter ontwikkelingsmoontlikheid aan Tjaart se standpunt, en is ook as sodanig benut; Lettie se interludes val egter in 'n strak novelle soos dié uit toon.

Hemingway se *Old man and the sea*, met hoofsaaklik dieselfde tema, is veel aangrypender, omdat alles veel meer onmiddellik by die hoofsaak betrek is; die verloop is vloeiender en daar is nie soveel onnodige tussengebeure wat die aandag aantrek en die skrywer die geleentheid gee om die finale konfrontasie nog 'n rukkie te verskuif nie.

En tog, veral om die baie pakkende tweede helfte, met sy voortstuwende gang en werklike áándrift, is *Die Swartwitpens* 'n welkome verskyning, en ek glo stellig dat Vermaas met effens meer konsentrasie en selftug 'n mooi ontwikkeling tegemoet gaan.

ANDRÉ P. BRINK

TOM WEBER: BITTER EINDE.

Afrikaanse Pers-boekhandel, Johannesburg (1958).

Uit die konflikte van die Engelse Oorlog, en geskoei op lees van die motto: „Elkeen wat probeer om sy siel te red, sal dit verloor; en elkeen wat dit verloor, sal dit in die lewe behou," kom *Bitter Einde*. Die stuk is oorspronklik reeds in 1955 deur Jaats aangebied en later deur die N.T.O. op 'n landsreis geneem; in 1957 het dit ook die eerste prys in die Dramawedstryd van die A.P.B. verower.

Bitter Einde is 'n sterk speelstuk, met welgekose karakters: Schalk Byleveld wat oorloop na die vyand omdat hy glo dat die

stryd verlore is; ewewigtige Hendrik du Toit; Abraham Bezuidenhout wat onwrikbaar glo aan die absolute wet as norm vir optrede; die korrelkop-oupa Corneels met sy heftige gesagvoering; voortvarende, driftige Piet Els en ander.

Deur die gemeenskaplike liefde vir Johanna word Schalk en Abraham teenoor mekaar gestel en in die konfrontasie eksploiteer Weber sy dramatiese gegewe heel aanskoulik. En tog is daar aspekte wat nie tot konsekwensie deurgevoer is nie: hier loop m.i. veral die dramatiese moment swak af waar Abraham besef dat die lewe van Schalk in sy hande lê. Die keuse word danig gerieflik deur 'n aanval van buite van hom weggeneem en hoe spannend die daaropvolgende situasie ook is, skiet iets te kort. Abraham ontwikkel nie genoegsaam deur die drama nie, kom nouliks werklik tot die voor die hand liggende oplossing: dat daar magte groter as die wet is. Trouens, die gebrek aan volledige ontwikkeling is by al die karakters hinderlik. Daar word telkens variasies van net één akkoord by elk aangeslaan.

Oupa Corneels is nie van gesogtheid vry te spreek nie; en sy ontugtering in Schalk, ná sy vurige vertroue van weleer, loop maar floutjies af: „Foeitog, foeitog . . . So vroeg in die môre. Dis verniet of mens kan kwaad word” (109).

Die redekaweling oor die broek (63 et seq.) is vermaaklik, maar die parallel met Salamo is darem erg opvallend; en ek meen stellig dat Weber by die deurwagtertoneel in *Macbeth* heelwat kan leer oor hoe komedie die strakke spanningslyn kan verlig sonder om bestudeerd te klink.

Ten slotte: die motto. Ja! Die gevaar bestaan altyd dat dit 'n mens by die beoordeling té veel mag bind. Die drama kon wel daarsonder sy eie „boodskap” in sy eie taal gesê het.

Dis 'n waardevolle stuk, ondanks alles, veral ook ten opsigte van moontlikhede vir toekomstige ontwikkeling wat daardeur aangedui word.

ANDRÉ P. BRINK

F. A. VENTER: DIE GEHEIM VAN DIE BERG. Tafelberguitgewers, Kaapstad, 1958.

'n Botanis op soek na 'n onbekende berg-iris, 'n paar avontuurlustige seuns, 'n maniak volgens resep en moorddadige aanvalle deur arende wat deur dié mal man „behandel” is — en siedaar Venter se bestanddele. Die verhaal is baie vlot vertel en die jeug behoort lekker daaraan te lees. Méér moet mens nou nie hier wil kom soek nie.

Die grootste hapering in die boek is die gebrek aan dramatiese dialoog; Venter vertel glad te veel — en dit dan ook so gedetacheerd dat 'n mens soms die heel spannendste dinge lees en eers daarna besef dat dit nou eintlik 'n hoogtepunt moes gewees het. Die ontdekking van verminkte lyke en beendere geskied darem gans te gemoedelik: „Hierdie nuwe skokkende ontdekking het die seuns nie meer welgemoed gestem nie” (37). Bid jou dit aan, ja. Wie práát van welgemoed?

En juis omdat dialoog makeer, raak die styl soms danig pedanties. Luister maar: „Dit was duidelik dat die donkies dit nie baie langer sonder water sou uithou nie, en dr. Bols het dit as sy voorneme uitgespreek dat hulle vinnig deur die nou skeur in die

berg moes trek" (38). Verkeerde woordgebruik — waarom is ons Afrikaanse skrywers so slordig? — is daar ook: „'n Vraag van Els wat hy bedoel, het geen antwoord uitgelok nie" (52). Dit was tog geen retoriese vraag nie? 'n Antwoord is wel deeglik *uitgelok* — dit het net nie gekom nie.

Nou: 'n jeugverhaal het sy eie norme en spanning is 'n groot aanwinst. Maar dit wil darem nou nie sê dat karaktertekening heeltemal uit die bouse is nie, nê? Die vier skoolseuns in hierdie boek: wie is hulle nou eintlik? Wat kom ons van hulle te wete? Is daar enige verskil tussen hulle? Is hulle selfs al vier nodig? En dr. Bols self bly tog maar versonne.

Ons het baie jeugverhale in Afrikaans. Wat ons nodig het, bitter nodig, is 'n *Huckleberry Finn*. Dit raak tyd dat ons skrywers besef dat die goeie jeugverhaal tóg meer is as 'n aaneenryging van onmoontlikhede wat so half uit die hoogte vertel word.

Die geheim van die berg lees vlot en aangenaam; bowenal is dit onskadelik. Maar ons het méér nodig as onskadelikheid.

ANDRÉ P. BRINK

ABEL COETZEE: LEWENS-LANK. Dagbreek-boekhandel, Johannesburg, 1958. 107 bl. 10/-.

Met die kort prosawerk *Lewenslank* betree Abel Coetzee 'n besondere terrein wat in Afrikaans nog selde sy beslag gevind het. Dit is 'n moderne kunswerk wat die diepte van 'n enkele mens se vlugtige verskyning in sy tydruimtelike „dasein" peil. Hierdie verskyning word gesitueer in 'n stadsmilieu, wat, hoewel dit besonder geslaag verbeeld is, slegs as toevallige raamwerk dien vir

die sinsbestaan in die „Onrus" (soos die grootstad in die verhaal genoem word).

Die toevalligheid van die keuse van die stadsmilieu doen niks af aan die suiwerheid en die egtheid van die skildering daarvan nie; trouens die skrywer het in die werk 'n onvervalste stadsatmosfeer geskep. Die gejaagdheid van die stadsbestaan, die helder neonligte snags, die gedreun van motors en busse en die voetgeklop bedags, die stryd om die bestaan, die kleinlikheid van die ektheid in die gedrang, die jag na valse waardes, die verwarring van sosiale waarde-oordele en nog veel meer is so helder afgeëts teen die bespiegeling van die „ek," dat dit 'n sterk indruk laat.

Maar hierdie werk is nie in die eerste plek 'n stadsverhaal nie — dit is die verhaal van die soeke van die enkeling na ewige waardes. Hierdie soeke beweeg op verskillende vlakke. Eerstens is dit 'n worsteling om die tydstruktuur te deurgrond; hierdie moment, waarin die „ek" hom bevind en wat „die hede" genoem word, is slegs 'n stippeltjie in die volmaakte kring, sonder begin, sonder einde, waar die verlede en die toekoms onlosmaaklik verbind word. Die worsteling vervloei in die vraag oor die „dasein" van die „ek." Angs omknél die syn as hy sy bestaansin probeer deurgrond, ang wat geprojekteer word uit die angsmomente van die kinderjare. Teenoor die angservaring staan die bloedverbondenheid as anker: die aanvoeling van die gees van sy vader.

Die sonderlinge, onversorgde figuur, Andries, verbeeld 'n ander vlak van die skrywer se soeke na die bestaansin. Hierdie enkelvoud

dige wese is misplaas in die grootstad met sy komplekse verhoudinge. Sy persoonlike ondergang is noodwendig — van aanpassing is hier geen sprake nie. Ook die „ek” het sy projeksie as enkelvoudige, ongekunstelde wese, wat in die moderne stadsbestaan met vernietiging bedreig word.

Neef Org en nig Ralie is die spieëlbeeld van die skrywer se stryd om die maatskaplike en gesinstruktuur te orden en te beheer. Hier spoel die oue en die nuwe deureen, die nasionale en die kosmopolitiese, die tradisionele en die liberale, die geloof en die ongeloof. Kortom al die botsende elemente van 'n verbygegane beskawing en 'n moderne onstabiele lewenswyse. En in hierdie worsteling om die sin van die bestaan, bly die mens 'n gevangene — lewenslank. Die ligpunt in die stryd is die geneigdheid om te strewe — hoërop, vorentoe, om die self te oorskry, om die „vel” van die ingeperkte bestaan af te werp, om die huidige oomblik te vervang deur die wordende toekoms, om 'n syn-tot-die-toekoms te word.

Nog 'n besondere vlak waarop die stryd om die bestaansin tot uiting kom, is te vind in die figuur van die beursspekulant, Vandermerwel. Die syn is in sy diepste wese nie slegs 'n vraagstuk nie, maar ook 'n waagstuk. Om die beklemminge van die sinsverbondenheid aan die materie te oorwin, waag die mens tot sy hele bestaan toe. Daarteenoor word die goeie lewe gestel, die geborgenheid-in-dankbaarheid oor die gawes van die Skepper.

Besonder insiggewend is die gedeeltes waar die syn weë en middele vind om die knellinge van die bestaan in die tyd, in „On-

rus,” te ontvlug. Dit geskied in die droom, in „nagvlugte,” in die opsoek van rustiger oorde. Dit geskied in die droomvlug na Moskou en in die vlugte na die idilliese plaasjeugbestaan.

Die moderne eensaamheid waarin die syn geworpe is, is eweneens 'n vlak wat die skrywer deurworstel. Die enkeling is eensaam, hy wil hom al meer en meer aan sy medemens onttrek. Maar hy kan ondergaan aan hierdie eensaamte, want dis slegs aan die grotes van die aarde beskore om die eensaamheid te benut en te oorwin.

Die vlak egter wat al die vorige vlakke oorkoepel en wat die hoogste sin aan hierdie stryd om die bestaan verleen, is die vlak van die Bo-Kosmiese, die hunkering van die mens terug na die oerstilte waaruit dit buite sy wete tydelik tot vorm gewek is. Hierdie vormgewing in die tyd en die ruimte is die lewe. Daarbuite is God wat nie aan vorm, dit is tyd of ruimte gebonde is nie. Dan verkry die aardse bestaan sin in die soeke na die Oneindige, nie in die worsteling tot aardse onsterflikheid nie, wat impliseer dat die tydelike of die nie-ewige verewig word — dit bly 'n onmoontlike teenstrydigheid. Vir die skrywer verkry die aardse bestaan uiteindelik sin in die geestesvlugte „na reiniging uit die besmetting van stoflike,” na „bevryding uit die vorm wat jou aan die stof bind”; dit is 'n worsteling teen die hede, teen die aardse, teen die vorm, faktore wat die syn tot 'n karikatuur van die skepsel wat God gewil het, maak. In die tyd is dit vir die mens as geestewese 'n kastyding om in die vorm te eksisteer, vir lewenslank, tot die einde daar is. God is die Onein-

dige, die Bo-Kosmiese wat die enigste doel van die bestaan vorm. Hier in die tydruimtelike, wat onderskei word van God, is die bestaan 'n „onrus”; en sonder God is hierdie bestaan-in-die-vorm doelloos, wesenloos, inhoudloos.

Lewenslank is 'n werk van besondere diepgang: dit is die vergestaltung van die syn wat worstel om uit die omstrengeling van die stof los te kom en die besef dat die uiteindelijke vrywording van die gees slegs moonthk is by die ontbinding uit die stof.

Ons verwelkom hierdie werk as 'n besliste verryking van ons prosaliteratuur en as 'n bydrae tot die soek na 'n antwoord op die synsvraagstukke, waarmee die ontredder twintigste-eeuse mens worstel. En hierdie worsteling is in 'n vlot, maklik leesbare verhaal weergegee, wat in 'n bekende, oortuigend verbeelde grootstadmilieu afspeel.

Lewenslank is in enkele woorde 'n vergestaltung van die kunsteenaar se skoonheidsbeleving, van sy wysgerige beskouings en van sy religieuse houdinge — dit is 'n geestesprodukt wat die menssyn in sy volheid verbeeld.

M. S. DU BUSON

VERKLARENDE WOORDE-
BOEK. H. J. Terblanche en C.
Lombard. Afrikaanse Pers
Bpk., Johannesburg, 1958.

'n Verklarende woordeboek moet wees wat die titel aangee en dus is die gebruiker daarop geregtig om *alles* daarin verklaar te wil hê: (a) etimologie, (b) aksent (en spelling), (c) sintaktiese gebruike (bv. in aanmerking kom, by *aanmerking*), (d) die onjuiste verklaar teenoor die juiste (bv. Anglismes teenoqr die taalidio-
matische: 'n hawe aandoen en nié by 'n hawe aandoen nie), (e)

die gangbare woord (veral vir die Engelstalige), (f) die ongewone of minder bekende van die moedertaal (veral vir die Afrikaanssprekende) en dit sluit in tegnies-spesialistiese terme, (g) historiese verklarings in die sin dat daar by „verouderde” woorde gesê word dat hulle verouderd is — *abonneer* en *abonnement* kry nog altyd 'n ereplek in ons woordeboeke terwyl die Afrikaanssprekende hom seker nog nooit op 'n koerant geabonneer het nie, (h) wisselvorme (*afvec(g)*).

Om nou by T. en L. se *Verklarende Woordeboek* uit te kom, moet mens 'n proses van eliminatie volg: (a) dit is nie etimologies nie, (b) aksent en spelling kan wel van die woordbeelde afgelei word, (c) sintaktiese gebruike om te illustreer, is willekeurig gekies, of anders gestel: „die persoonlike insig van die outeurs het besluit,” (d) die onjuiste word nie teenoor die juiste verklaar nie, (e) tussen gangbare en minderbekende woorde het die persoonlike insig van die outeurs weer besluit, want woorde soos *brughoof* en *aars* kom voor, maar nie *versnellerstang* of *bedryfas* nie, (f) historiese verklarings is daar nie en *abonnement*, *aanbestee*, ens. is in Afrikaans (al) vreemd, of sê ons: die verskillende werke is vir 'n baie lae prys aanbestee, vir: the different works have been contracted for at a very low price?

In die *Voorwoord* verklaar die samestellers egter dat hulle nie 'n allesverklarende woordeboek beoog het nie, en ons het dit ook nie verwag nie, maar juis omdat hulle wou opneem „wat in die alledaagse lewe en skryftaal nodig is,” maak mens beswaar teen woorde soos *aanbestee* en *aanbe-*

sterf wat al onafrikaans geword het. Moontlik oorweeg die same-stellers om hierdie woorde in 'n heruitgawe te skrap en om meer eienaardige wendinge en segs-

wyses op te neem, want hulle het beslis verklaring nodig.

Origens is die werk goed versorg en die afsonderlike woorde kort en saaklik verklaar.

G. J. LABUSCHAGNE

BOEKE ONTVANG:

Gaston Burssens: PAUL VAN OSTAIJEN. (Monografieën over Vlaamse Letterkunde; A. Manteau N.V., Brussel vir die Ministerie van Openbare Onderwys, 1956).

W. J. de Kock: JACOB DE VILLIERS ROOS 1869-1940. 'n Lewenskets (A. A. Balkema, Kaapstad, 1958. 12/6).

Gert Pretorius: JOHNNIE. Verhale. (Tafelberg - uitgewers, Kaapstad, 1958. 13/-).

Herman Teirlinck: KAREL VAN DE WOESTIJNE. (Monografieën over Vlaamse Letterkunde, 1956).

M. Steyn van Rooyen: LEERLING VLIËENIER F. STROEBEL. Seunsverhaal. (Tafelberg-uitgewers, Kaapstad, 1958. 10/6).

F. A. Venter: SWART PELGRIM (Tafelberg - uitgewers, Kaapstad, 1958, 2e hersiene druk. 13/6).

Jules Verne: 'N REIS NA DIE MIDDELPUNT VAN DIE AARDE. (Vertaal deur Leon Rousseau. Tafelberg-uitgewers, Kaapstad, 1958. 10/6).

Gerard Walschap: DIE FRANCAISE. (Elsevier, Amsterdam/Brussel, 1957).

ELEKTRONIESE MUSIEK

De opera's van Massenet schijnen ons heden oud, terwijl die van Mozart ons nog jong en fris-levend voorkomen, omdat het werk van Massenet slechts romantisch kan vertolkt worden, terwijl de klassieke kunst van Mozart, ook romantisch kan gezongen worden. Luister maar eens naar de Chaliapine-opnamen van de aria's van Mozart. Die komen ons heden voor als potsierlijk, maar die potsierlijkheid ligt bij de vertolking van Chaliapine en niet in de muziek die zich ook in moderne stijl vernieuwen kan. Die herschepping, die vernieuwing negeren concretisten en elektronisten. Zij kunnen dus slechts in het tijdelijke leven en beroep doen op de verrassingskracht van het onbekende, van de technische vernieuwing. Eenmaal de verrassingseffecten afgestompt, zullen zij opnieuw de eeuwige wetten van het menselijke moeten naleven, indien zij zelf of hun kunst leven wil.

Willem Pelemans in: De Vlaamse Gids, Jrg. 42/3 (1958), bl. 161.

Skrywersaangeleenthede

Die derde uniale Skrywerskongres van die Afrikaanse Skrywerskongres — in Pretoria, van 8 tot 10 April 1958 — is met besondere welslae bekroon. Dit is op die Dinsdagaand deur die Administrateur van Transvaal, dr. Wm. Nieol, geopen, en op die Donderdagnamiddag afgesluit met 'n burgerlike onthaal deur die burgemeester en stadsraad van Pretoria. Die opkoms was besonder goed. Daar is veral 'n hele aantal skryfsters onder die gehoor opgemerk en verder die vernaamste uitgewers, verteenwoordigers van die Kerk, van die pers en radio en van die Nederlandse gemeenskap. Skakels met die verlede is gevorm deur die teenwoordigheid van mej. Sarah Goldblatt en mnr. Harm Oost.

Oor die afsonderlike referate is reeds in beide die Afrikaanse en die Engelse pers verslag gedoen. Oor die algemeen het die sprekers besef dat dit die geleë tyd is vir skrywers om hulle rekenskap te gee van die stand van die Afrikaanse letterkunde waar ons vandag voor verskynsels staan soos sensasionalisme in die perswese, vervlakking van die romankuns, die verkoops- en verspreidingsprobleme van sowel die Afrikaanse boek as tydskrif en koerant, die uitdaging wat 'n groot (en potensieel nog veel groter) Afrikaanslesende Bantoe-publiek aan die uitgewer asook die skrywer van Afrikaanse boeke bied en so meer.

Die een prikkelende beskouing na die ander is gelewer, Woens-

dagaand deur die Sekretaris van Onderwys, Kuns en Wetenskap, en gedurende die oggende en middae van Woensdag en Donderdag deur dr. M. S. du Buson (wat die godsbegrip in ons letterkunde ontleed het), mnr. J. J. van Schaik (oor die samestelling en funksie van die Afrikaanse boekwinkel), mnr. Dirk Riehard (by wie dit 'n saak van erns is dat die huidige peil van die Afrikaanse perswese aansienlik verhoog word en hom daadwerklik daarvoor beywer), die Direkteur van Bantoe-onderwys (oor die potensiaal en probleme van Afrikaanse leesstof vir die Bantoe), dr. P. C. Sehoonnees (wat sy leksikografiese ervaring onderhoudend en leersaam aan die gehoor meegedeel het), en mnr. W. A. de Klerk (met 'n inspireerende oproep tot die skrywer om voort te gaan met sy skeppingswerk, vereensaam al dan nie, maar met toewyding en liefde). Dr. S. C. Hattingh het 'n oorsigtelike sluitingsrede gelewer.

Die kongres, onder die tema „Die Kunstenaar en die Samelewing” soos ingelei deur die voorsitter, professor Abel Coetzee, was veral toegespits op die praktiese behoeftes en probleme van die Afrikaanse skrywer. Die aard van die referate weerspieël dit — geleerde, akademiese beskouings sou nie in die smaak geval het nie. Veral die geesdrif waarmee die besprekings na elke referaat gevoer is, was 'n openbaring. Telkens moes die

onderskeie voorsitters die bevrug-
tende gedagtewisseling tussen
spreker en gehoor kortsluit
weens gebrek aan tyd.

Dit was een van die glanspunte
van die kongres dat die kongres-
gangers nie bloot passief geluister
het nie maar oorgehaal was om
aktief deel te neem.

(Daar word goeie vordering ge-
maak met die druk van al die re-
ferate in aparte pamfletvorm. Die
bedoeling is om dit aan die lede
van die Skrywerskring en aan die
publiek beskikbaar te stel.)

* * *

Die internasionale P.E.N.-kon-
gres, wat vanjaar in België gehou
sou word, is onverwags afgestel.
Daar word egter, van 2 tot 8
Julie, 'n internasionale kongres
van vertalers in Pole gehou, onder
die beskerming van die Poolse
P.E.N. Mnr. André Brink, van
Potchefstroom, sal die Afrikaanse
Skrywerskring op dié kongres
verteenwoordig, daar hy dan in
Europa sal wees.

Voorlopig word die volgende
P.E.N.-kongres in 1959 in Brasi-
lië gehou en in 1960 in België.

* * *

Die Hoofbestuursvergadering
van die Afrikaanse Skrywers-
kring vind vanjaar òf in Bloem-
fontein, òf in Bellville plaas, in
September. Daarna sal besonder-
hede vrygestel word van die jeug-
penning wat deur 'n skenking
aan die Bestuur ingestel is en

elke drie jaar deur die Skrywers-
kring toegeken sal word.

* * *

Die Oostenrykse P.E.N. nooi
ons lede uit om inskrywings te
stuur vir 'n voorgenome inter-
nasionale reeks bloemlesings van
prosawerke, vernaamlik kortver-
hale. Die uitgewers is Paul Neff
Verlag, Gumpendorferstrasse 5,
Wenen VI, Oostenryk, van wie
nadere besonderhede verkry kan
word. U kan in Engels, Duits of
Frans aan hulle skryf.

* * *

Van 'n lid van die Brasiliaanse
P.E.N., die digter Pereira Lima,
het ons 'n digbundel ontvang in
drie tale, Frans, Engels en Duits.
Die titel is: *Mundo Futuro*. Ons
erken ontvangs daarvan, met
dank.

* * *

Die nuwe bestuur van die Stel-
lenbosse werkgemeenskap is:

Voorsitter: prof. G. P. J.
Trümpelmann.

Sekretaris: dr. J. J. Degenaar.
Penningmeester: dr. A. C. Veer-
mann.

* * *

Die boekjaar van die Hoofbe-
stuur eindig op 31 Maart. Dit
blyk dat 'n hele aantal lede, bui-
telede sowel as lede van werkge-
meenskappe, nog nie hulle lede-
geld tot dié datum vereffen het
nie. Lede wat die sakkie dalk ver-
geet het, word hiermee vriendelik
aangemaan.

W. A. DE KLERK

bekroon met die

SCHEEPERS-PRYS VIR JEUGLEKTUUR

Die mededeling dat W. A. de Klerk die Scheepers-prys vir jeuglektuur (1957) ontvang het, sal allerweë verwelkom word. Die Afrikaanse Pers-Boekhandel voel trots daarop dat hy die uitgewer is van verskeie jeugboeke en ernstige romans van hierdie skrywer.

★

So pas verskyn:

WILLEMEN SE LIGTE DAE

deur W. A. de Klerk

'n Nuwe jeugboek van W. A. de Klerk, wat handel oor die vormingsjare van 'n jong dogter. Dit is een van hierdie skrywer se mooiste jeugboeke.

Prys: 13/9 posvry

★

Ook beskikbaar:

POENS

deur W. A. de Klerk

Prys: 14/- posvry

★

AFRIKAANSE PERS- BOEKHANDEL

JOUBERTSTRAAT 76
JOHANNESBURG

KERKSTRAAT 5—7
K A A P S T A D